

E Snyman-Van Deventer & JJ Henning

'n Verkenning van die soorte vennootskappe in die Amerikaanse reg

Opsomming

In hierdie artikel word die verskillende tipes vennootskappe in die Amerikaanse vennootskapsreg kortliks bespreek. Die verskillende soorte gewone, sowel as buitengewone vennootskappe word geïdentifiseer. Die verskillende soorte gewone vennootskappe word net ontleed in soverre dit afwyk van die standaard gewone vennootskap. In die Amerikaanse literatuur word talle verwysings gevind na die vennootskap in mynbou ("mining partnership"), familievennootskap ("family partnership", vennootskap in vaste eiendom ("partnership in real estate") en vennootskap vir boerdery ("farming partnership"). Hierdie onderskeiding is primêr gebaseer op die tipe besigheid wat bedryf word. Die vennootskap in mynbou en die vennootskap in landbou toon egter verskille met die gewone vennootskap en word dus volledig ontleed as gevolg van die unieke kenmerke of eienskappe van hierdie vennootskappe. Dit is nodig dat die verskillende tipes buitengewone vennootskappe kortliks ontleed word ten einde verskille aan te dui. Die beperkte vennootskap moet volledigheidsonthalwe ook as buitengewone vennootskap genoem word alhoewel net die hoofkenmerke kortliks aangedui word.

An exploration of the various types of partnerships encountered in American law

This article briefly comments on the various types of partnerships encountered in American law. The types of ordinary as well as extraordinary partnerships are identified. Ordinary partnerships are only analyzed to the extent that they differ from the standard ordinary partnership. In American literature reference is made to the mining partnership, the family partnership, the partnership in real estate and the farming partnership. This differentiation is primarily based on the type of business with which the partnership is concerned. However, the mining partnership and the farming partnership differ from the ordinary partnership in a number of ways, and, as a result of their unique attributes, are discussed in detail. A brief discussion of the types of extraordinary partnerships is necessitated in order to highlight their differences. The limited partnership is discussed briefly and only the main characteristics are named.

JE Snyman-Van Deventer, Sentrum vir Ondernemingsreg, Dept Handelsreg, Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

JJ Henning, Dekaan, Fakulteit Regsgeleerdheid, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

1. Inleiding

Hierdie artikel poog om kortliks die tipes vennootskappe wat in die Amerikaanse vennootskapsreg onderskei kan word, aan te toon. Die verskillende soorte gewone, sowel as buitengewone vennootskappe word geïdentifiseer. Die verskillende soorte gewone vennootskappe word net ontleed in soverre dit afwyk van die standaard gewone vennootskap.

Dit is nodig dat die verskillende tipes buitengewone vennootskappe kortliks ontleed word ten einde verskille aan te dui. Die beperkte vennootskap moet volledigheidsonthale ook as buitengewone vennootskap genoem alhoewel net die hoofkenmerke kortliks aangedui word.

2. Gewone vennootskappe

2.1 Inleiding

Die onderskeid tussen die verskillende soorte gewone vennootskappe is meestal gebaseer op die tipe besigheid wat deur die vennote bedryf word, soos byvoorbeeld die mediese vennootskap waar dokters saam 'n mediese praktyk bedryf.¹

In die Amerikaanse literatuur word talle verwysings gevind na die vennootskap in mynbou ("mining partnership"), familievennootskap ("family partnership"), vennootskap in vaste eiendom ("partnership in real estate") en vennootskap vir boerdery ("farming partnership"). Hierdie onderskeiding is primêr gebaseer op die tipe besigheid wat bedryf word. Die vennootskap in mynbou en die vennootskap in landbou toon egter verskille met die gewone vennootskap en word dus volledig ontleed as gevolg van die unieke kenmerke of eienskappe van hierdie vennootskappe.

Die vennootskap in vaste eiendom,² die vennootskap vir versekeringsdoeleindes³ en die familievennootskap⁴ word nie ontleed nie aangesien die vennootskap in vaste eiendom⁵ en die vennootskap vir versekeringsdoeleindes⁶ hoofsaaklik vir belastingdoeleindes onderskei word en behalwe hiervoor is daar geen ander rede vir die onderskeid tussen 'n gewone vennootskap en hierdie

1 Hirsh 1963:28-38; Plein 1964:253.

2 Sien byvoorbeeld *Watson v Kellogg* 19 P 2d 253 (1933); Beaudry 1983:657-698; Bell 1980:75-101; Bell 1996:49-51; Caruthers 1977:119-146; Charyk 1983:34-47; Hutton 1921:119-145; McKee 1974:1-46; Simmons 1982:476-485.

3 Sien byvoorbeeld Brown en Eastland 1995:58-65.

4 Sien in verband met die familievennootskap byvoorbeeld Brown en Eastland 1995:58-65; Bruton 1949:143-162; Cohen 1996:13-15; Cohen 1998:19-21; Gable 1988:404-405; Keene 1998:33-40; Landis 1966:339-358; Perkins 1980:34-35; Peterson 1982:344-348; Whitty 2003:7-23.

5 Schneeman 1997:19 wys daarop dat daar gedurende 1991 meer as 1,5 miljoen vennootskappe in die VSA met 'n inkomste van \$539 biljoen was. 804 000 van hierdie vennootskappe was in die finansiële, versekerings en vaste eiendomsbedryf.

6 Sien byvoorbeeld Brown en Eastland 1995:58-65.

vennootskappe nie.⁷ Die familievennootskap is bloot 'n gewone vennootskap wat tussen familielede aangegaan word.⁸

Daar word ook soms na die geïnkorporeerde vennootskap (“incorporated partnership”) verwys, hoewel dit geensins 'n vennootskap is nie, maar 'n maatskappy (“corporation”) is.⁹ Die geïnkorporeerde vennootskap is nie 'n algemene verskynsel nie en min state, met die uitsondering van byvoorbeeld Indiana, erken die bestaan daarvan.¹⁰ Die terme beslote korporasie (“close corporation” of “closed corporation”)¹¹ en geïnkorporeerde vennootskap word as sinonieme gebruik met verwysing na 'n onderneming waarin die deelnemers poog om die voordele van inlywing of inkorporasie te verkry soos byvoorbeeld beperking van aanspreeklikheid tot bydrae en betaling van federale inkomste belasting as 'n maatskappy.¹² Die bedoeling van die partye met die sluiting van die ooreenkoms word as die deurslaggewende faktor beskou om te bepaal of dit 'n geïnkorporeerde vennootskap daarstel. Partye sluit gewoonlik sodanige ooreenkoms voordat hulle 'n maatskappy oprig of aandele in 'n bestaande maatskappy bekom nie. Hierdie ooreenkoms bepaal die verhouding tussen die partye.¹³ Die hoewe se erkenning van die geïnkorporeerde vennootskap behoort by te dra tot die aanvaarding daarvan as 'n regsfiguur of -entiteit.¹⁴

2.2 Mynbou-vennootskap

Die mynbou-vennootskap is 'n unieke ondernemingsvorm wat spesifiek geskep is vir doeleindes van die mineraal- en oliebedryf.¹⁵ Dit moet egter nooit uit

7 Brown en Eastland 1995:58-65; Chiechi 1990:332-340; McKee 1974:1-2; Simmons 1982:476.

8 Sien in verband met die familievennootskap byvoorbeeld Brown en Eastland 1995:58-65; Bruton 1949:143-162; Cohen 1996:13-15; Gable 1988:404-405; Landis 1966:339-358; Perkins 1980:34-35; Peterson 1982:344-348.

9 Dickinson 1984:569.

10 Dickinson 1984:575.

11 Dickinson 1984:565 wys op bepaalde eienskappe van 'n beslote korporasie, naamlik 'n beperkte aantal aandeelhouers; beperkte of geen handel in die aandele van die korporasie (sien byvoorbeeld *Donahue v Rodd Electrontype Co* 328 N 2d 505 (1975):511); 'n beduidende deelname aan die bestuur van die korporasie deur die aandeelhouers (*Galler v Galler* 203 NE 2d 577 (1964):584); 'n verwagting dat die deelnemers of aandeelhouers hulself in goeie trou en met vaardigheid aan die korporasie se sake sal toewy; en laastens dat die korporasie beëindig sal word met die dood of uittrede van een van die aandeelhouers.

12 *Clark v Dodge* 199 NE 641 (1936):643; *Donahue v Rodd Electrontype Co* 328 N 2d 505 (1975):512; Dickinson 1984:569.

13 Dickinson 1984:576.

14 *Helms v Duckworth* 249 F 2d 482 (DC Cir 1957):486; *Weisman v Awnair Corporation of America* 144 NE 2d 415 (1957):419; Dickinson 1984:577.

15 *Sturm v Ulrich* 10 F 2d 9 (8th Cir 1925):12 *per* regter Stone: “Where they join their efforts or means or property in the development of the mining property they constitute a ‘mining partnership... Mining partnerships are held, generally, to be applicable to the development of oil and gas properties — Pennsylvania being the exception. Such relationship in this regard is recognized in Oklahoma.” Crain

die oog verloor word dat die mynbou-vennootskap 'n regsfiksie is nie.¹⁶ Die howe het dus 'n wye diskresie en kan derhalwe na gelang van elke saak in die lig van die bepaalde omstandighede en feite, die bestaan van die mynbou-vennootskap erken of ontken.¹⁷ Die belangrikste verskil tussen die mynbou-vennootskap en die gewone vennootskap is dat *delectus personae* ontbreek en die verteenwoordigingsbevoegdheid van die vennote is meer beperk as die van gewone vennote.¹⁸ Die besondere eienskappe van die mynbou-vennootskap wat altyd aanwesig moet wees om 'n mynbou-vennootskap daar te stel,¹⁹ is mede-eienaarskap *in praesenti* van 'n minerale reg;²⁰ gesamentlike

1993:261-271; Crain en Smith 1990: 108-121; Knoepfle 1994:15-32; Mathison 1989:20-10.

16 Mathison 1989:20-11.

17 *McNally v Cochran* 46 P 2d 955 (Okl 1935):956 *per* regter Busby: "The question of whether or not a mining partnership grew out of the relations of the parties of interest has frequently been before this court for determination. If a mining partnership exists in the instant case, it must have arisen by reason of an agreement, either express or implied, or arisen from the relation and conduct of the parties. Whether or not a mining partnership exists in any case is largely a question of fact to be determined from the facts and circumstances surrounding each case. There is no element of estoppel as to third parties involved here. Neither does any presumption of partnership arise from cotenancy in the ownership of the leasehold estate nor from the mere operation of a mining lease by such cotenants." Mathison 1989:20-12.

18 *Sturm v Ulrich* 10 F 2d 9 (8th Cir 1925):12 *per* regter Stone: "Such a partnership has many of the attributes and limitations of an ordinary partnership but not all such. There are some cardinal differences. Probably, the main differences are that the death or bankruptcy of one such partner does not terminate the partnership and that one partner may convey his interest, or any part thereof, without the consent of his associates and without terminating the partnership and the transferee thereof becomes a partner, to the extent of the interest transferred, from the effective date thereof... The power of one such partner to bind the others is strictly limited to acts having a direct connection with the development of the mining venture which is the subject of the partnership." Bromberg 1968:153.

19 *Frontier Exploration v Blocker Exploration* 709 P 2d 39 (Colo App 1985):41 *per* regter Pierce: "Over the years, the basic principle has continuously been applied, but a more specific definition has developed, recognizing three essential elements as prerequisites of a mining partnership: (1) joint ownership; (2) joint operations; and (3) an express or implied agreement to share profits and losses." *McNally v Cochran* 46 P 2d 955 (Okl 1935):956 *per* regter Busby: "In *Ash et al. v Mickleson*, 118 Okl. 163, 247 P. 260, this court held: "A mining partnership or joint adventure cannot exist, unless there is a co-operation among the parties in the development of a lease for oil and gas, each agreeing to pay his part of the expenses and to share in the profits and losses"."

20 *Wagner Supply Co v Bateman* 18 SW 2d 1052 (1929); *Seifert v Brown* 53 SW 2d 117 (Tex Civ App 1932); *Gardner v Wesner* 55 SW 2d 1104 (Tex Civ App 1933); *Kuser v Cooke* 165 A 292 (1933); *Cox v Bond* 91 SW 2d 479 (Tex Civ App 1936); *Smith v Rampy* 198 SW 2d 592 (Tex Int App Ct 1946); *Long Island Lighting Co v Bokum Resources Corp* 40 Bankr 274 (Bankr DNR 1983); *Frontier Exploration v Blocker Exploration* 709 P 2d 39 (Colo App 1985):41; *Sturm v Ulrich* 10 F 2d 9 (8th Cir 1925):12 *per* regter Stone: "... or in jointly acquiring mining property for the purpose of joint development and afterwards prosecuting such development or where persons owing a mine engage in working it for the

bedryf²¹ van die eiendom of 'n ooreenkoms daartoe;²² 'n ooreenkoms, uitdruklik of stilswyend,²³ om in wins en verlies te deel;²⁴ 'n gemeenskap van belang; en 'n daadwerklike gesamentlike soektog. 'n Bykomende vereiste in Texas is 'n gemeenskaplike belang ("community of interest") en oor-en-weer lasgewing²⁵ waardeur een van die vennote of 'n toesighouer aangestel word om die bestuur van die vennootskap waar te neem.²⁶ Geeneen van hierdie

purpose of extracting minerals." Brimmer 1969:88; Kiesling 1960:103; Mathison 1989:20-15; Reuschlein en Gregory 1990:437.

- 21 *Frontier Exploration v Blocker Exploration* 709 P 2d 39 (Colo App 1985):42 en 43 *per* regter Pierce: "This definition again emphasizes that it is active participation in the control or management of an oil and gas operation which is required to fulfill the joint operation prerequisite. Each of the joint owners must have some choice and participation in control and management. ... The critical issue is whether these rights, or any combination of them, are exercised by any two or more parties to such a degree that they have practical control or management over a venture, thereby indicating a mining partnership."
- 22 *Doyle v Burns* 99 NW 195 (1904); *Peterson v Beggs* 148 P 541 (1915); *Wagner Supply Co v Bateman* 18 SW 2d 1052 (1929); *Anally v Cochran* 46 P 2d 955 (1935); *McAnnally v Cochran* 46 P 2d 955 (1935); *Rucks v Burch* 156 SW 2d 975 (1941); *Bovaird Supply Co v McClement* 177 NE 2d 430 (Ill Int App Ct 1961); *Spangler v Comer Lumber & Supply Co* 439 SW 2d 792 (1969); *Frontier Exploration v Blocker Exploration* 709 P 2d 39 (Colo Ct App 1985):41; Brimmer 1969:88; Bromberg 1968:153; Mathison 1989:20-15; Reuschlein en Gregory 1990:437.
- 23 *McNally v Cochran* 46 P 2d 955 (Okla 1935):956 *per* regter Busby: "If a mining partnership exists in the instant case, it must have arisen by reason of an agreement, either express or implied, or arisen from the relation and conduct of the parties."
- 24 *Lowry Oil Corporation v Bennett* 16 SW 2d 947 (Tex Civ App 1929); *Seifert v Brown* 53 SW 2d 117 (Tex Civ App 1932); *Dunigan Tool & Supply Co v Carroll* 60 SW 2d 296 (Tex Civ App 1933); *Cox v Bond* 91 SW 2d 479 (Tex Civ App 1936); *Luling Oil & Gas Co v Humble Oil & Refining Co* 191 SW 2d 716 (1945); *Arrow Petroleum Company v Ames* 142 NE 2d 479 (1957):483; *Frontier Exploration v Blocker Exploration* 709 P 2d 39 (Colo App 1985):41; *Sturm v Ulrich* 10 F 2d 9 (8th Cir 1925):12 *per* regter Stone: "Where a mining partnership exists, each partner is liable to the others for his share (depending upon his interest) of the expenses and losses incurred in the enterprise and there is a lien for such upon his interest in the property or proceeds therefrom in favor of the creditors or of other partners who have made advances. Such a partnership may result from express contract or be implied by the conduct of the parties in joining in mining operation on a profit and loss sharing basis or in jointly acquiring mining property for the purpose of joint development and afterwards prosecuting such development or where persons owing a mine engage in working it for the purpose of extracting minerals." *McNally v Cochran* 46 P 2d 955 (Okla 1935):956 *per* regter Busby: "As to what parties must do in order to create the relationship of a mining partnership, this court in the case of *Gillespie v. Shuffin et al.*, 91 Okla. 72, 216 P. 132, held: "In order to constitute a mining partnership, the parties must co-operate in developing a lease for oil and gas, each agreeing to pay his part of the expenses and to share in the profits or losses." Brimmer 1969:88; Kiesling 1960:103; Mathison 1989:20-15; Reuschlein en Gregory 1990:437.
- 25 *Cox v Bond* 91 SW 2d 479 (Tex Civ App 1936); Kiesling 1960:103.
- 26 *Humphrey v Bullock* 666 SW 2d 586 (Tex App 1984):590; Brimmer 1969:88; Reuschlein en Gregory 1990:437.

eienskappe alleen dui op 'n mynbou-vennootskap nie.²⁷ Die mynbou-vennootskap is die enigste vennootskap waar vereis word dat al die vennote 'n konkurente belang in vaste eiendom moet hê.²⁸ Die blote deling in wins of deelname in produksie-opbrengs om te dien as vergoeding vir iemand wat geld of toerusting aan die onderneming geleen het, stel nie 'n mynbou-vennootskap daar nie.²⁹

Hoewel die bestaan van die mynbou-vennootskap in teorie reeds in 1863³⁰ erken is, word die mynbou-vennootskap histories teruggevoer tot die beslissing van *Childers v Neely*³¹ in West Virginia in 1899. In hierdie saak is die basiese reël van die mynbou-vennootskap neergelê: waar gesamentlike huurders van myne of oliebores dit daadwerklik bedryf en wins en verliese deel ooreenkomstig elkeen se belang, sal die hof die bestaan van 'n vennootskapsverhouding tussen hulle erken, selfs al is daar nie 'n uitdruklike ooreenkoms tussen hulle om vennote te wees of om in wins en verliese te deel nie.³² Die grondslag van die mynbou-vennootskap berus dus op die reël van die gewone vennootskap dat 'n geskrewe vennootskapsoreenkoms nie noodsaaklik is vir die totstandkoming van 'n vennootskap nie.³³

Voor die beslissing van *Childers v Neely*³⁴ is in 1883 in *Manville v Parks*³⁵ beslis dat 'n vennootskap bestaan vir doeleindes van persoonlike aanspreeklikheid

27 *Wagner Supply Co v Bateman* 18 SW 2d 1052 (1929); *Rucks v Burch* 156 SW 2d 975 (1941); *Templeton v Wolverton* 179 SW 2d 252 (1944); sien byvoorbeeld *Frontier Exploration v Blocker Exploration* 709 P 2d 39 (Colo App 1985):43 *per* regter Pierce: "The critical issue is whether these rights, or any combination of them, are exercised by any two or more parties to such a degree that they have practical control or management over a venture, thereby indicating a mining partnership. ... Again, co-ownership alone does not give rise to a mining partnership.". *Brimmer* 1969:88; *Kiesling* 1960:103.

28 *Seifert v Brown* 53 SW 2d 117 (Tex Civ App 1932); *Gardner v Wesner* 55 SW 2d 1104 (Tex Civ App 1933); *Kuser v Cooke* 165 A 292 (1933); *Reuschlein en Gregory* 1990:435.

29 *Seifert v Brown* 53 SW 2d 117 (Tex Civ App 1932); *Dunigan Tool & Supply Co v Carroll* 60 SW 2d 296 (Tex Civ App 1933); *Gardner v Wesner* 55 SW 2d 1104 (Tex Civ App 1933); *Bromberg* 1968:153.

30 *Skillman v Lachman* 23 Cal 198 (1863); *Mathison* 1989:20-10.

31 34 SE 828 (W Va 1899).

32 *Childers v Neely* 34 SE 828 (W Va 1899); *Mathison* 1989:20-11.

33 *Sturm v Ulrich* 10 F 2d 9 (8th Cir 1925):12 *per* regter Stone: "Such a partnership may result from express contract or be implied by the conduct of the parties in joining in mining operation on a profit and loss sharing basis or in jointly acquiring mining property for the purpose of joint development and afterwards prosecuting such development or where persons owing a mine engage in working it for the purpose of extracting minerals.". *Brown v Fairbanks* 263 P 2d 355 (1953):359 *per* regter Griffin: "It has been held that parties may orally agree upon a joint partnership or joint venture pertaining to the business of engaging in mining ventures and the partnership, as such, may own mines or lease or sell them, and the property of the partnership, although held in the name of one partner, may be partitioned in a partnership accounting.". *Mathison* 1989:20-11.

34 34 SE 828 (W Va 1899).

35 2 P 212 (Colo 1883); *Mathison* 1989:20-11.

van die vennote vir skulde aangegaan deur een van die vennote teenoor 'n derde op grond van hul gesamentlike eienaarskap van die reg om 'n minerale eiendom te ontwikkel. In hierdie beslissing is die bestaan van 'n mynbou-vennootskap nie erken nie, maar die basiese reëls waarop die mynbou-vennootskap geag word te berus, is neergelê.³⁶

Die mynbou-vennootskap word omskryf as 'n vereniging van mede-eienaars van 'n minerale eiendom wat uitdruklik of stilswyend verklaar dat hulle verenig en ooreenkom om die eiendom te ontwikkel of om in gevolge 'n huurkontrak te handel ten einde minerale te ontgin.³⁷ Mede-eienaars word as vennote beskou wanneer hulle 'n bedryfsbelang besit en aanspreeklik is vir uitgawes ten opsigte van prospektering, ontwikkeling en die bedryf van die mynbou-aktiwiteite.³⁸

'n Mynbou-vennootskap³⁹ ontstaan wanneer twee of meer persone 'n reg op sekere minerale besit of verkry of 'n reg om die minerale te ontgin besit of verkry en daadwerklik 'n gesamentlike onderneming⁴⁰ bedryf om dit te doen.⁴¹ Die mynbou-vennootskap word dan ook hoofsaaklik in die olie en gasbedryf⁴² en veral in Texas gebruik. Die Hoë hof in Texas het dan ook die bestaan van so 'n vennootskap erken.⁴³

In sommige state kan die mynbou-vennootskap stilswyend sonder 'n ooreenkoms tussen die partye ontstaan indien daar gemeenskaplike eienaarskap en bedryf van 'n myn is.⁴⁴ In ander state word 'n uitdruklike ooreenkoms tussen die partye, hetsy skriftelik of mondelings, vir die totstandkoming

36 Mathison 1989:20-11.

37 *Stephens v Allen* 237 SW 2d 72 (Ky 1951):74; Mathison 1989:20-10.

38 Larason 1984:32; *McNally v Cochran* 46 P 2d 955 (Okl 1935):956 *per* regter Busby: "... this court in the case of *Gillespie v. Shuffin et al.*, 91 Okl. 72, 216 P. 132, held: "... Inter sese. There must be an intention of the partners to do so, in order to create a partnership, and such intention cannot be inferred, alone, from a joint venture in drilling a well."

39 Crane 1924:5; Brimmer 1969:86 omskryf die mynbou-vennootskap as: "a cross between a general commercial partnership and a tenancy in common, as a species of limited partnership, as a partnership *sub modo*, and as a nontrading partnership, without which succesfull mining would be attended with diffulties and embarrasment."

40 Crane 1924:3-5.

41 Brimmer 1969:86; Reuschlein en Gregory 1990:434.

42 *Mud Control Laboratories v Covey* 269 P 2d 854 (1954); Reuschlein en Gregory 1990:435.

43 *Cox v Bond* 91 SW 2d 479 (Tex Civ App 1936); Kiesling 1960:103.

44 *Wagner Supply Co v Bateman* 18 SW 2d 1052 (1929); *Mud Control Laboratories v Covey* 269 P 2d 854 (1954); *Sturm v Ulrich* 10 F 2d 9 (8th Cir 1925):12 *per* regter Stone: "Such a partnership may result from express contract or be implied by the conduct of the parties in joining in mining operation on a profit and loss sharing basis or in jointly acquiring mining property for the purpose of joint development and afterwards prosecuting such development or where persons owing a mine engage in working it for the purpose of extracting minerals." Bromberg 1968:153; Reuschlein en Gregory 1990:434.

van 'n mynbou-vennootskap vereis.⁴⁵ Die basiese grondslag dat die mynbou-vennootskap, soos die gewone vennootskap, sonder 'n uitdruklike ooreenkoms tussen die vennote opgerig kan word, word dus negeer.

Aangesien die vennote in 'n mynbou-vennootskap beide vennote en gesamentlike huurders is, is die mynbou-vennootskap gebonde aan die reëls van die verteenwoordigingsreg, die vennootskapsreg en die eiendomsreg.⁴⁶ 'n Mynbou-vennootskap word beheers deur baie van dieselfde reëls van die gewone vennootskap, maar daar is wel reëls eie aan die mynbouvennootskap wat die toepassing van die gewone vennootskapsregtelike bepalings onmoontlik maak.⁴⁷ Hierdie reëls is sui generis in soverre dit hul prinsipiële grondslag betref.⁴⁸

In Pennsylvania,⁴⁹ Kansas,⁵⁰ Oklahoma⁵¹ en Texas⁵² is beslis dat dit voldoende is dat daar 'n uitdruklike of stilswyende ooreenkoms tot deelname in wins en verlies is om 'n mynbou-vennootskap daar te stel.⁵³ In ander jurisdiksies, soos byvoorbeeld Wes-Virginia, is egter beslis dat daar 'n daadwerklike deelname in die wins en verliese moet plaasvind.⁵⁴

'n Mynbou-vennootskap word dikwels gedefinieer in terme van hul verskille met die gewone handelsvennootskap waarvan die belangrikste 'n beperking op aanspreeklikheid⁵⁵ en die afwesigheid van *delectus personae*⁵⁶ is.⁵⁶ Uit die afwesigheid van die vryheid om 'n vrye keuse te maak met wie

45 *United States v Farrington* 244 F 2d 111 (7th Cir 1957); *Brown v Fairbanks* 263 P 2d 355 (1953):359; *Escoe v Johnson* 138 SE 2d 330 (1964); Reuschlein en Gregory 1990:434.

46 *Sturm v Ulrich* 10 F 2d 9 (8th Cir 1925):12 *per* regter Stone: "The relationship between parties engaged in common ownership and operation of mining property is somewhat sui generis. Where there is merely a common ownership and no joint development, the relation is, ordinarily, a tenancy in common. Where they join their efforts or means or property in the development of the mining property they constitute a "mining partnership." The use of the term "partnership" in this connection is by analogy and is not to be taken as meaning, in all legal aspects, the same as an ordinary business or trading partnership. Such a partnership has many of the attributes and limitations of an ordinary partnership but not all such.". *Wertzberger v McJunkinz* 43 P 2d 729 (1935); Reuschlein en Gregory 1990:435.

47 *Sturm v Ulrich* 10 F 2d 9 (8th Cir 1925):12 *per* regter Stone: "Such a partnership has many of the attributes and limitations of an ordinary partnership but not all such.". Brimmer 1969:86.

48 Brimmer 1969:87.

49 *Dunham v Loverock* 27 A 990 (Pa 1893); Mathison 1989:20-20.

50 *Gilbert v Fontaine* 22 F 2d 657 (8th Cir 1927); Mathison 1989:20-20.

51 *Oklahoma Co v O'Neil* 440 P 2d 978 (Okla 1968); Mathison 1989:20-20.

52 *Munsey v Mills & Garrity* 283 SW 754 (Tex 1926); Mathison 1989:20-20.

53 Mathison 1989:20-20.

54 *Childers v Neely* 34 SE 828 (W Va 1899); Mathison 1989:20-20.

55 Mathison 1989:20-13.

56 *Munsley v Mills & Garrity* 283 SW 754 (Tex Comm App 1926); *In re Estate of Griffith* 501 NE 2d 1021 (1986):1025; Brimmer 1969:91; Bromberg 1968:154; Kiesling 1960:105; Mathison 1989:20-13; Reuschlein en Gregory 1990:437.

geassosieer gaan word,⁵⁷ spruit ander verskille soos byvoorbeeld dat die mynbou-vennootskap nie ontbind in die geval van insolvensie⁵⁸ of die dood⁵⁹ van 'n vennoot nie,⁶⁰ selfs terwyl die vennootskap nie as 'n entiteit apart van die vennote beskou is nie.⁶¹ Inteendeel, so 'n vennoot word eenvoudig vervang met 'n ander vennoot. Hierdie verskil kan toegeskryf word aan die praktiese onmoontlikheid daarvan dat 'n boor of myn gesluit moet word elke keer wanneer 'n vennoot sterf of onttrek van die vennootskap.⁶² Vrye wisseling van vennote in 'n vennootskap van mynbou is dus moontlik. 'n Vennoot kan selfs sy aandeel in die vennootskap aan 'n ander persoon verkoop sonder die toestemming van die ander vennote en sonder dat die vennootskap sal ontbind.⁶³ Selfs al sou die ander vennote beswaar maak, kan hy steeds daarmee voortgaan sonder dat dit die mynbou-vennootskap sal beëindig.⁶⁴

Die afwesigheid van *delectus personae* noodsaak die beskerming van vennote teenoor mekaar.⁶⁵ Die vennoot in 'n mynbou-vennootskap kan, net soos die gewone vennoot, die vennootskap bind teenoor derdes ten opsigte van redelike uitgawes en skulde wat gedurende die redelike bedryf van die vennootskap opgedoen word.⁶⁶ Dit is egter noodsaaklik om te let op die

57 *Sturm v Ulrich* 10 F 2d 9 (8th Cir 1925):15 *per* regter Stone: "As a member of a mining partnership may freely convey his interest without disturbing the partnership, ...". *Munsley v Mills & Garitty* 283 SW 754 (Tex Comm App 1926); Kiesling 1960:105; Mathison 1989:20-13.

58 *Sturm v Ulrich* 10 F 2d 9 (8th Cir 1925); Brimmer 1969:91-92; Bromberg 1968:154; Colowick 1955:81; Kiesling 1960:105; Mathison 1989:20-13; Reuschlein en Gregory 1990:437.

59 *Parks v Adams* 173 SE 785 (1934); Brimmer 1969:91-92; Bromberg 1968:154; Colowick 1955:81; Kiesling 1960:105; Mathison 1989:20-13; Reuschlein en Gregory 1990:437.

60 *Sturm v Ulrich* 10 F 2d 9 (8th Cir 1925):12 *per* regter Stone: "Probably, the main differences are that the death or bankruptcy of one such partner does not terminate the partnership..."

61 *Humphrey v Bullock* 666 SW 2d 586 (Tex App 1984):590; Brimmer 1969:91-92; Colowick 1955:81; Kiesling 1960:105; Mathison 1989:20-13; Reuschlein en Gregory 1990:437.

62 Mathison 1989:20-13.

63 *Sturm v Ulrich* 10 F 2d 9 (8th Cir 1925):12 *per* regter Stone: "... and that one partner may convey his interest, or any part thereof, without the consent of his associates and without terminating the partnership and the transferee thereof becomes a partner, to the extent of the interest transferred, from the effective date thereof." Brimmer 1969:99.

64 *Munsley v Mills & Garitty* 283 SW 754 (Tex Comm App 1926); Colowick 1955:81; Kiesling 1960:105; Reuschlein en Gregory 1990:437.

65 Mathison 1989:20-14.

66 *Kennedy v Beets Oil Co* 231 P 508 (1924); *Gilbert v Fontaine* 22 F 2d 657 (8th Cir 1927); *Moss & Urschel v Clark* 82 SW 2d 1090 (Tex Civ App 1935); *Kinne v Duncan* 48 NE 2d 375 (1943); *Sturm v Ulrich* 10 F 2d 9 (8th Cir 1925):12 *per* regter Stone: "The power of one such partner to bind the others is strictly limited to acts having a direct connection with the development of the mining venture which is the subject of the partnership." Bromberg 1968:154; Colowick 1955:81; Kiesling 1960:110; Reuschlein en Gregory 1990:436.

uitspraak in *Blocker Exploration v Frontier Exploration*⁶⁷ dat waar 'n mynbou-vennootskap bestaan, die vennote geag word om operateurs te wees en slegs beperkte magte, minder as die van 'n vennoot in 'n gewone vennootskap, het om die ander vennote van die mynbou-vennootskap te bind.⁶⁸ Die vennote se aanspreeklikheid word beperk tot daardie handeling waarvoor die vennoot spesiale of noodsaaklike bevoegdheid verkry het. Indien die vennoot se optrede binne hierdie bevoegdheid is, is die ander vennote onbeperk aanspreeklik en is hul private boedels ook gebonde.⁶⁹

'n Individuele vennoot of 'n bestuurder of toesighouer kan nie die vennootskap bind ten opsigte van aangeleenthede wat onnodig vir die bedrywighede van die mynbou-vennootskap is nie en ook nie ten opsigte van ongewone aangeleenthede nie.⁷⁰ Hul gesag is beperk as gevolg van die afwesigheid van *delectus personae*. Hoewel die meeste mynbouprojekte deur 'n besturende vennoot bestuur word, het hierdie bestuurder nie dieselfde uitgebreide gesag as wat die besturende vennoot in 'n gewone vennootskap het nie, aangesien die stelreël geld dat die verteenwoordiger se gesag nie meer kan wees as die van sy prinsipaal nie. Tog het die besturende vennoot van 'n mynbou-vennootskap, in die afwesigheid van 'n ooreenkoms tot die teendeel, volle beheer oor die werke en die gesag om te doen wat redelikerwys nodig is vir die uitvoering van die mynbou-aktiwiteite. Hy moet sy werk met redelike vaardigheid en sorgsaamheid, asook in goeie trou uitvoer en is nie aanspreeklik vir skade voortspruitend uit 'n eerlike fout of swak oordeel nie.⁷¹

Ten opsigte van die bestuur van die vennootskap verskil die 'n mynbou-vennootskap van die gewone vennootskap in soverre die persoon of persone wat die meerderheidsbelang in die vennootskap hou, die bestuur van die mynbou-vennootskap beheer en die mag van die besturende verteenwoordiger is meer beperk.⁷² In die geval van 'n geskil tussen die vennote van 'n mynbou-vennootskap, het die vennote met die meerderheidsbelang in die myneiendom die reg om die besigheid te bestuur en kan die vennootskap kontraktueel bind teenoor derdes ten opsigte van aangeleenthede binne die werksfeer van die vennootskap. Die meerderheid moet egter steeds die belange van die minderheid op die hart dra.⁷³

Geen vennoot beskik oor die bevoegdheid om sonder die toestemming van die meerderheid van die vennote krediet te verskaf of om geld in die

67 740 P 2d 983 (Colo 1987); Reuschlein en Gregory 1990:436.

68 *Blocker Exploration v Frontier Exploration* 740 P 2d 983 (Colo 1987):985; sien ook *Frontier Exploration v Blocker Exploration* 709 P 2d 39 (Colo App 1985):43 per regter Pierce: "The above guidelines are consistent with the general principle of a mining partnership that partners — operators — have a limited power to bind other members of the partnership." Reuschlein en Gregory 1990:436.

69 *Bentley v Brossard* 94 P 736 (Utah 1908); Mathison 1989:20-15.

70 Brimmer 1969:97 en 98.

71 Brimmer 1969:98.

72 Brimmer 1969:93.

73 Brimmer 1969:97.

vennootskap se naam te leen nie.⁷⁴ Die meerderheid van die vennote kan sonder instemming van al die vennote 'n lening goedkeur vir die uitbreiding van die myn of enige ander bedrywigheid wat rederlikerwys verband met die vennootskapsaktiwiteite hou met dienverstande dat die wesensaard van die vennootskap nie verander nie.⁷⁵

Die vertrouensverhouding tussen die vennote in 'n mynbou-vennootskap is beperk tot optrede in goeie trou⁷⁶ en dus is die reëls ten opsigte van goeie trou ook van toepassing op die mynbou-vennootskap.⁷⁷ Die vennoot mag nie inbreuk maak op sy mede-vennote in 'n mynbou-vennootskap se regte of belange nie, maar die vennoot word nie verhoed om soortgelyke belange as die van die vennootskap en binne die sfeer van die mynbou-vennootskap se besigheid te verkry sonder toestemming van sy mede-vennote nie.⁷⁸ 'n Vennoot is verplig om enige geheime wins wat hy gemaak het aan die ander vennote te openbaar.⁷⁹ Die vennoot kan egter 'n hoër vergoeding as die van die ander vennote by verkoping vir sy aandeel in die vennootskap beding.⁸⁰

In *Adams v Texhoma Oil & Refining Co*⁸¹ is bevind dat die mede-eienaars van die myn slegs vennote is in soverre hul deel in die wins van die myn terwyl die myn bedryf word. Winste en verliese word gedeel in dieselfde verhouding as die individuele bydraes van die vennote tot die totale kapitaal van die vennootskap.⁸²

Elke vennoot het die verpligting om sy tyd, vaardigheid en kennis tot die vennootskap by te dra in soverre dit redelik nodig is vir die bedryf van die mynbou-vennootskap sonder om enige ander vergoeding te ontvang as om te deel in die wins. 'n Vennoot is dus, in die afwesigheid van 'n ooreenkoms tot die teendeel, nie daarop geregtig om vergoeding te ontvang vir dienste aan die vennootskap gelewer nie.⁸³

Ander verskille tussen die mynbou-vennootskap en gewone vennootskappe sluit ook onder andere in dat die mynbou-vennootskap net vir die tydperk wat die myn of boor bedryf word, bestaan.⁸⁴

74 *Boonville National Bank v Thompson* 99 SW 93 (1936); *Wilkinson v Bell* 168 P 2d 601 (1946); Bromberg 1968:155; Reuschlein en Gregory 1990:436.

75 Reuschlein en Gregory 1990:436.

76 *Perpetual Royalty Syndicate v Albritton* 149 SW 2d 700 (Tex Civ App 1941); *Stephens v Stephens* 183 SW 2d 822 (1944); *Zogg v Hedges* 152 ALR 991 (1944); Reuschlein en Gregory 1990:435.

77 Brimmer 1969:96 en 97: "The law exacts the utmost good faith between partners, to the exclusion of activities which injuriously affect the common enterprise."

78 Reuschlein en Gregory 1990:435-436.

79 *Johnson v Ironside* 227 NW 732 (1929); *Zogg v Hedges* 152 ALR 991 (1944); Bromberg 1968:155.

80 *Charmness v Collopy* 215 P 953 (1923); Reuschlein en Gregory 1990:436.

81 262 SW 139 (Tex Civ App 1924); Kiesling 1960:109.

82 *Arrow Petroleum Company v Ames* 142 NE 2d 479 (1957):483-484; Brimmer 1969:98.

83 Brimmer 1969:98.

84 Kiesling 1960:106.

'n Mynbou-vennootskap bied geen voordele wat die beperkte vennootskap nie ook bied nie. Die statutêre beperkte aanspreeklikheid van die beperkte vennootskap, onderhewig aan nakoming van die statutêre vereistes, is natuurlik 'n baie belangrike voordeel van die beperkte vennootskap,⁸⁵ terwyl die situasie met betrekking tot beperkte aanspreeklikheid by die mynbou-vennootskap onseker is. Die grootste nadeel verbonde aan die mynbou-vennootskap is die aanspreeklikheid van die vennoot vir die kontraktuele of deliktuele handeling van die ander vennote selfs waar hy geen beheer het oor sodanige optrede nie.⁸⁶

2.3 Landbou-vennootskap

Die vennootskap is 'n belangrike ondernemingsvorm vir landboudoeleindes.⁸⁷ Dit is voordeliger vir eienaars van plase wat ander mense vir hulle laat boer dat die kontrak tussen hulle 'n vennootskap daarstel en nie 'n huurkontrak nie, aangesien eersgenoemde meer voordele inhou.⁸⁸

'n Onderneming waar persone saam in die landboubedryf 'n boedery bedryf, is 'n vennootskap indien aan die vereistes van 'n vennootskap voldoen is,⁸⁹ selfs al het hulle nie beplan om as 'n vennootskap te boer nie.⁹⁰ Die posisie verskil egter in van die state. 'n Voorbeeld van 'n staat wat eiesoortige vereistes stel, is Iowa waar byvoorbeeld die klem geplaas word op die bedoeling van die partye en word dit as deurslaggewend beskou of die partye die bedoeling gehad het om 'n vennootskap te vorm of nie.⁹¹ In Iowa word as vereistes vir die bestaan van 'n landbou-vennootskap gestel die bedoeling van die partye;⁹² die gebruik van 'n firmanaam;⁹³ die gebruik van 'n bankrekening van die onderneming;⁹⁴ gebruik van die term "vennootskap" in die ooreenkoms of ander dokumente;⁹⁵ gemeenskap van belange, dit is

85 Soos verderaan bespreek.

86 Brimmer 1969:106.

87 Bock 1975:558-585; Rein en Hyslop 1980:701.

88 Needles en Hayes 1957:37.

89 *Gangl v Gangl* 281 NW 2d 574 (ND 1979).

90 *Fleming v Fleming* 184 NW 296 (1922); *Beverly v McCullick* 505 P 2d 624 (1973):632; *Howard Gault & Son v First National Bank of Hereford* 541 SW 2d 235 (1976):236-237; Needles en Hayes 1957:38.

91 *Taylor v Successful Farmer Publishing Co* 196 NW 77 (1924); *Kinney v Bank of Plymouth* 236 NW 31 (1931); *Smith, Landeryou & Co v Hollingsworth* 251 NW 749 (1934); *Butler v Lloyd* 297 NW 871 (1941):873; Needles en Hayes 1957:38-39.

92 *Lutz v Billick* 154 NW 884 (1915).

93 *Lutz v Billick* 154 NW 884 (1915); *Malvern National Bank v Halliday* 192 NW 843 (1923); *Butler v Lloyd* 297 NW 871 (1941); *Danico v Ford* 300 NW 547 (1943); *Miller v Merritt* 8 NW 2d 726 (1943):728.

94 *In re Estate of Schultz* 194 NW 242 (1923); *DeLong v Whitlock* 215 NW 954 (1927); *Citizens Bank of Milo v CF Scott & Son* 250 NW 626 (1934); *Butler v Lloyd* 297 NW 871 (1941); *Miller v Merritt* 8 NW 2d 726 (1943):728.

95 *Lutz v Billick* 154 NW 884 (1915); *Smith, Landeryou & Co v Hollingsworth* 251 NW 749 (1934); *Butz v Hahn Paint & Varnish Co* 263 NW 257 (1936); *Criswell v Criswell* 282 NW 337 (1938):338; *Danico v Ford* 300 NW 547 (1943); *Miller v Merritt* 8 NW 2d 726 (1943):727; *Nelson v Barnick* 63 NW 2d 911 (1954).

gemeenskap van wins en verlies, rente op kapitaal en gemeenskap van bestuursbevoegdheid; mede-eiendomsregte;⁹⁶ deling van winste;⁹⁷ en verdeling van verliese.⁹⁸ Om dus 'n landbou-vennootskap in Iowa op te rig, sonder om probleme te ondervind, moet die partye hul bedoeling om vennote te wees duidelik in 'n skriftelike kontrak uitdruk, asook hul bydraes, deelname aan die beheer van die bestuur van die vennootskap en verhouding waarin die wins en verliese gedeel gaan word. Dit is ook verkieslik dat die vennootskap onder 'n vennootskapsnaam bedryf moet word en dat daar 'n vennootskapsbankrekening sal wees en dat die vennote, waar moontlik, na die onderneming as 'n vennootskap sal verwys.⁹⁹ Dit wil blyk dat, behalwe waar aan al hierdie vereistes voldoen is, die howe in Iowa nie maklik 'n bedryf in die landbou as vennootskap sal sien nie. Die vereistes is dus meer as wat in die *Uniform Partnership Act* 1914 gestel word.

Die benadering in die ander state verskil. In die geval waar daar 'n ooreenkoms aangegaan word dat grond gehuur sal word en dat een van die kontraktante gereedskap en sy arbeid sal lewer en die ander kontraksparty kapitaal sal bydra en dat die wins en verliese gelyk tussen die partye gedeel sal word, is die landbou-onderneming wat totstand kom, 'n landbou-vennootskap.¹⁰⁰

Die ooreenkoms tussen die vennote in 'n landbou-vennootskap hoef nie op skrif te wees nie,¹⁰¹ maar dit is verkieslik. By die opstel van 'n vennootskapsoreenkoms vir persone in die landbou, moet die bepalings van die *Uniform Partnership Act* 1914 en die relevante bepalings van die *Internal Revenue Code* in ag geneem word.¹⁰²

3. Die buitengewone vennootskap

3.1 Inleiding

Die buitengewone vennootskap omsluit die stille vennootskap en die beperkte vennootskap. Ten opsigte van beperkte vennootskappe word soms

96 *Malvern National Bank v Halliday* 192 NW 843 (1923):846.

97 *Loetscher v Dillon* 93 NW 98 (1903); *Francis v Francis* 162 NW 839 (1917):846; *Malvern National Bank v Halliday* 192 NW 843 (1923); *DeLong v Whitlock* 215 NW 954 (1927); *In re Kinney v Bank of Plymouth* 236 NW 31 (1931); *Myers v Blinks* 7 NW 2d 819 (1943); *Estate of Hewitt* 62 NW 2d 198 (1954).

98 *Haswell v Standring* 132 NW 417 (1911); *Miller v Baker* 140 NW 407 (1913); *Richman v Richman* 180 NW 182 (1920); *Veenstra v Mathews* 190 NW 382 (1922); *Florence v Fox* 188 NW 966 (1922); *Malvern National Bank v Halliday* 192 NW 843 (1923); *Farmers & Merchants National Bank v Anderson* 250 NW 214 (1933); Needles en Hayes 1957:38.

99 Needles en Hayes 1957:50.

100 *Howard Gault & Son v First National Bank of Hereford* 541 SW 2d 235 (1976): 236.

101 *Butz v Hahn Paint & Varnish Co* 263 NW 257 (1936); *Daniel v Best* 279 NW 374 (1938); *Butler v Lloyd* 297 NW 871 (1941):873; Needles en Hayes 1957:38.

102 Bock 1975:585; Bundschu 1983:521-532.

in die Amerikaanse literatuur verwys na bepaalde soorte beperkte vennootskappe. Dit is egter bloot aan die hand van die tipe onderneming of besigheid wat die beperkte vennootskap bedryf¹⁰³ en verskil nie van die beperkte vennootskap soos dit in gevolge die *Uniform Limited Partnership Act* en die *Revised Uniform Limited Partnership Act* opgerig word nie. Voorbeelde van hierdie tipes beperkte vennootskappe is “real estate limited partnerships”,¹⁰⁴ “family limited partnerships”,¹⁰⁵ “mortgage limited partnerships”,¹⁰⁶ “equipment leasing limited partnerships”,¹⁰⁷ “oil and gas limited partnerships”,¹⁰⁸ “research and development limited partnerships”¹⁰⁹ en “exotic limited partnerships”.¹¹⁰ Laasgenoemde is byvoorbeeld beperkte vennootskappe in kabeltelevisie en teateropvoerings,¹¹¹ films,¹¹² beesstoeterye en perde-sindikate.¹¹³

Gedurende die middelagtiger jare is die sogenaamde “Master Limited Partnerships” (“MLPs”) ontwikkel. ’n Meestersbeperkte vennootskap is beperkte vennootskap waarvan die belange op ’n aandelebeurs of oor die toonbank (NASDAQ) aan die publiek te koop aangebied word.¹¹⁴ Die belange word eenhede (“units”) genoem ten einde die beperkings op die oordrag van belange in beperkte vennootskappe te omseil. Die beleggers wat hierdie eenhede koop, geniet nie die status van ’n beperkte vennoot nie, maar word eerder beskou as regsverkrygendes (“assignees”) ten aansien van die gedeponeerde belegging wat die eenhede toewys.¹¹⁵ Hoewel die meestersbeperkte vennootskap dus die woorde beperkte vennootskap

103 Tornga en Nine 1981:926.

104 Sien in hierdie verband Andrews 1981:1028-1068; Haight 1987:103-124; Hiller 1991:155; Hutcheon 1984:690-691; Panich en Purvis 1989:310-331.

105 Sien in hierdie verband Adams 1997:56-57; Bernstein 1996:26-80; Bray 1997:187-196; Bray en Kearns 1998:93-102; Brier en Darby 1995:127-164; Commito 1999:33-40; Darby en Brier 1995:79; Elliot 1998:284-288; Emory *et al* 1996:312-313; Engel 1995:48-53; Engel en Rudman 1993:46-48; Fishman 1996:689-695; Fong 1997:16-19; Fox en Park 1997:22-25; Gassman en Lovelace 1996:13-15; Hatcher en Kniesel 1998:325-330; Higgins 1995:66-78; Hollingsworth 1999:256-261; Kam, Schroeder en Smith 1996:35-45; Knoepfle 1994:15-32; Melcer en Arend 1998:13-21; Mikuta 1994:627; Rosenberg en Schlesinger 1997:30-35; Sanford 1994:861-909; Stephanson 1998:41-56; Strobel 1999:28-30; Templar en Cain 1995:1245-1248; Thornton en Byron 1996:345-381; Tucker en Mancini 1996:183-207; Willms 1994:16-20; Willms 1996:210-219.

106 Sien in hierdie verband Haight 1987:137-148.

107 Sien in hierdie verband Haight 1987:151-168.

108 Sien in hierdie verband Haight 1987:171-187; Knoepfle 1994:15-32; Tomlin 1973:459-483.

109 Sien Bartlett en Siena 1983-1984:435-454; DePasquale 1987:129-145; Haight 1987:189-197; Spohr 1983:322-339.

110 Sien in hierdie verband Haight 1987:199-209.

111 Sien byvoorbeeld Taubman 1959:979-984.

112 Sien byvoorbeeld Cones 1992:19-85; Farrell 1992:127-151; Jacobson 1975:37-38; Kim 1994:61-83.

113 Sien in hierdie verband Weinberg en Cummins 1982:18-19 en 45; Turner 1983:399-431.

114 Bullard *et al* 1990:661-686; Geschke 1994:89.

115 Geschke 1994:89.

gebruik, handel dit in hoofsaak soos 'n publieke maatskappy of korporasie en sal derhalwe op dieselfde wyse belas word.¹¹⁶

Die *Uniform Partnership Act* 1997 maak voorsiening vir die sogenaamde vennootskap met beperkte aanspreeklikheid¹¹⁷ ("limited liability partnership"). Hoewel die LLP in die *Uniform Partnership Act* 1997 gereguleer word, is dit 'n besondere tipe vennootskap en moet hierdie vennootskap as 'n buitengewone vennootskap beskou word. In die staat Georgia word verder ook voorsiening gemaak vir 'n beperkte vennootskap met beperkte aanspreeklikheid ("limited liability limited partnership" of "LLLLP")¹¹⁸ wat totstand kom deur die omskepping van 'n beperkte vennootskap in 'n beperkte vennootskap met beperkte aanspreeklikheid¹¹⁹ en in Kentucky kan 'n geregistreerde vennootskap met beperkte aanspreeklikheid opgerig word.¹²⁰ Vir doeleindes van hierdie studie sal slegs die LLP kortliks en volledighedsomthelwe ontleed word.

3.2 Stille vennootskap

'n Stille vennoot¹²¹ is 'n vennoot wie se naam nie deur die vennootskap gebruik word nie en hierdie vennoot is so onaktief dat sy betrokkenheid by die vennootskap aan derdes onbekend is. Hy is egter steeds 'n vennoot en net soos die ander vennote aanspreeklik vir vennootskapskulde.¹²² Indien hy sy deelname aan die vennootskap beëindig, hoef hy nie kennisgewing, soos wat van die ander vennote vereis word, te gee om aanspreeklikheid na sy uittrede vir die verpligtinge van die vennootskap te vermy nie.¹²³

Daar is verskillende benaderings ten aansien van die betekenis van die terme stille, geheime en rustende vennote. Aan die eenkant word "silent partner" en "dormant partner" as sinonieme beskou.¹²⁴ Aan die anderkant¹²⁵ word onderskei tussen die stille, geheime en rustende vennote. Die stille vennoot mag bekend wees aan die publiek, maar hy neem nie aktief aan die vennootskapsbesigheid en bestuur deel nie en hy het ook geen stemreg nie.¹²⁶ Die geheime vennoot is 'n vennoot wat aktief aan die bestuur van die vennootskap deelneem, maar hy is nie na buite bekend nie.¹²⁷ 'n Rustende

116 Geschke 1994:89.

117 Hierna LLP genoem.

118 Coppedge en McCormick 1995:8.

119 Coppedge en McCormick 1995:10.

120 Mellen *et al* 1995:261-265.

121 Die stille vennootskap staan in die Amerikaanse reg bekend as 'n "dormant partnership" of "secret partnership".

122 Bromberg 1968:142; Wyatt en Wyatt 1966:510-511; Zollers en Froneman 1978: 279-280 en 289.

123 Bromberg 1968:142.

124 *Clark v Fletcher* 96 Pa 416 (1880); Ludes en Gilbert 1950:404.

125 Anderson *et al* 1989:963; Wolf 1989:126.

126 Anderson *et al* 1989:963; Wolf 1989:126.

127 Anderson *et al* 1989:963; Ludes en Gilbert 1950:405; Wolf 1989:126.

vennoot (“dormant partner”)¹²⁸ is ’n vennoot wat beide ’n stille en geheime vennoot is.¹²⁹

’n Verdere benadering is dat daar ongetwyfeld ’n vennootskap soos die stille vennootskap (“dormant partnership”) bestaan. Hier word onderskei tussen verskillende standpunte. Eerstens word die stille vennoot slegs beskou as ’n vennoot wat nie as vennoot na buite bekend is nie, met ander woorde bloot ’n geheime vennoot.¹³⁰ Die tweede standpunt is dat passiwiteit en geheimhouding vereis word om ’n stille vennootskap daar te stel. Die enigste verskil tussen die twee benaderings is dus dat in die een onbetrokkenheid of passiwiteit aan- of afwesig mag wees, terwyl dit ’n noodsaaklike vereiste in die ander benadering is. Hoewel onbetrokkenheid en gebrek aan beheer nou met mekaar saamhang, is dit nie sinonieme nie. Die twee begrippe is egter in ’n groot mate op dieselfde beginsels gegrond en die houe het dus aanwesigheid van beheer as ’n toets vir die bepaling of ’n vennootskap ’n stille vennootskap is, aangewend. Indien deelname aan die beheer van die bestuur van die vennootskap ’n absolute of die enigste toets vir persoonlike aanspreeklikheid beskou word, is daar geen stille vennootskappe nie, ten minste nie in die jurisdiksies waar beide geheimhouding en onbetrokkenheid as vereiste vir ’n stille vennootskap gestel word nie.¹³¹

Wat die posisie in Suid-Afrika aanbetref, blyk dit dat die Suid-Afrikaanse houe¹³² aanvanklik skepties was om die stille vennootskap te erken, maar dat dit later wel erken is. Die posisie ten opsigte van die stille vennoot kan dus as volg opgesom word:¹³³ Die stille vennootskap kom tot stand waar die partye ooreenkom om te deel in die wins van ’n onderneming wat deur een of meer van die vennote in sy of hulle naam alleen bedryf word, terwyl die ander vennote se name nie bekend gemaak word nie.¹³⁴ Die stille vennoot se betrokkenheid by die vennootskap word nie aan derdes of buitestaanders bekend gemaak nie.¹³⁵ Die stille vennoot neem derhalwe ook nie deel aan

128 Story 1868:130-131: “Dormant partners, or those whose names are not known, or do not appear as partners, but who nevertheless are silent partners, and partake of the profits, and thereby become partners, either absolutely to all intent and purposes, or at all events, in respect to third persons. Dormant partners, in the strictness of language, means those who are merely passive in the firm, whether known or unknown, in contradiction to those who are active, and conduct the business of the firm, as principals. Unknown partners are properly secret partners; but in common parlance, they are usually designated by the appellation of dormant partners.”

129 Anderson *et al* 1989:963; Wolf 1989:126.

130 Rowley 1928:290.

131 Rowley 1928:291.

132 Hierdie uitsprake sal weereens kronologies bespreek word.

133 In *Mmabatho Food Corp v Fourie* 1985 1 SA 318 T:322D-E per regter Stegmann is met goedkeuring verwys na *Eaton and Louw v Arcade Properties (Pty) Ltd* 1961 4 SA 233 T:239H.

134 Henning en Delpont 1997:200; Nathan 1938:30.

135 *Siegel and Frenkel v R* 1943 SR 13:15; *Eaton and Louw v Arcade Properties (Pty) Ltd* 1961 4 SA 233 T:239H; Henning en Delpont 1997:200; Hodes 1985:193; Nathan 1938:30.

die bestuur van die vennootskap nie.¹³⁶ Die stille vennoot deel in die risiko van die vennootskap en is aanspreeklik vir sy *pro rata* gedeelte van die skuld, maar net teenoor mede-vennote en nie teenoor derdes nie.¹³⁷ Die stille vennoot kan nie met die vennootskapskuldeisers meeding ten einde teruggawe van hul bydraes of hul deel in die wins te verkry nie.¹³⁸

3.3 Beperkte vennootskap

Die beperkte vennootskap se oorsprong kan teruggespoor word na die *commenda* in die twaalfde eeu in Italië.¹³⁹ Die konsep van 'n vennootskap waarin sekere vennote beperkte aanspreeklikheid sou geniet, is deur die Franse na Florida en Louisiana geneem en in 1822 is die eerste wetgewing in hierdie verband in die staat New York ingevoer.¹⁴⁰ In 1916 is die *Uniform Limited Partnership Act* deur die *National Commissioners on Uniform State Laws* opgetel en al die state, behalwe Louisiana het die *Uniform Limited Partnership Act* aanvaar. Die *National Conference of Commissioners on Uniform State Laws* het in 1976 die *Revised Uniform Limited Partnership Act* goedgekeur¹⁴¹ en in 1985 is verdere wysigings aanbeveel wat tot die *Revised Uniform Limited Partnership Act* gevoeg is en is die aanvanklike gedagte van 'n *Revised Uniform Limited Partnership Act* 1985 laat vaar.¹⁴² Beide die *Uniform Limited Partnership Act* en die *Revised Uniform Limited Partnership Act*¹⁴³ bepaal dat waar daar ten aansien van 'n bepaalde aangeleentheid geen reëling in die beperkte vennootskapswetgewing gemaak is nie, die *Uniform Partnership Act* 1914¹⁴⁴ toepassing sal vind.¹⁴⁵ Daarteenoor bevat die *Uniform Partnership Act* 1997 geen verwysing dat hierdie wet van toepassing op beperkte vennootskappe kan wees nie.¹⁴⁶ Dit impliseer dat die *Uniform Partnership Act* 1997 nie aanwending kan vind ten

136 *Barker and Co v Blore* 1908 TS 1156:1158; *Sabatelli v St Andrews Building Society* 1933 WLD 55:57; *Eaton and Louw v Arcade Properties (Pty) Ltd* 1961 4 SA 233 T:239H; Henning en Delpont 1997:201; Nathan 1938:32.

137 *Lamb Bros v Brenner and Co* 1886 5 EDC 152:161; *Green v Green and Hansen and Schrader* 1897 12 EDC 68:75; *Estate Davison v Auret* 1905 22 SC 10:18-20; *Le Voy v Birch's Executors* 1913 AD 102:107; *Eaton and Louw v Arcade Properties (Pty) Ltd* 1961 4 SA 233 T:240A; Henning en Delpont 1997:200; Nathan 1938:30.

138 *Siegel and Frenkel v R* 1943 SR 13:15; *Venter v Naude* 1951 1 SA 156 O:163A en E; Henning en Delpont 1997:201; Nathan 1938:30.

139 Marmer 1985:272; Neely 1997:272; Wibbermeyer 1991:1131.

140 Marmer 1985:272; Wibbermeyer 1991:1131.

141 Marmer 1985:273; Neely 1997:273.

142 Wibbermeyer 1991:1131; Neely 1997:273.

143 *Revised Uniform Limited Partnership Act* a 1105; Neely 1997:273; Ribstein 1993:78; Ribstein 1995:187.

144 Geschke 1994:99; Henn 1985:388; Kratovil en Werner 1975:55; Neely 1997:273; Vestal 1995b:1197; Haynsworth et al 1987:121: "The UPA governs general partnerships and also governs many important aspects of limited partnerships."

145 Haynsworth et al 1987:121; Henn 1985:388; Kratovil en Werner 1975:55; Neely 1997:273; Reuschlein 1978:444; Ribstein 1995:187; Vestal 1995b:1197.

146 Neely 1997:273; Ribstein 1995:187; Vestal 1995b:1195-1197.

opsigte van die beperkte vennootskap nie. Die *Revised Uniform Limited Partnership Act* bepaal egter steeds dat die *Uniform Partnership Act* 1914 toegepas word ten opsigte van aangeleenthede waarvoor die *Revised Uniform Limited Partnership Act* nie voorsiening maak nie.¹⁴⁷

Die beperkte vennootskap¹⁴⁸ is aanvanklik omskryf as 'n vennootskap waarin die aanspreeklikheid van sommige van die lede om die verpligtinge en verliese van die vennootskap te dra, beperk word tot 'n bepaalde bedrag.¹⁴⁹ Artikel 1 van die *Uniform Limited Partnership Act* omskryf 'n beperkte vennootskap as 'n vennootskap wat gevorm word deur twee of meer persone waarvan een of meer gewone vennote en een of meer beperkte vennote is.¹⁵⁰ Die gewone vennoot se aanspreeklikheid is onbeperk,¹⁵¹ terwyl die beperkte vennoot se persoonlike aanspreeklikheid vir vennootskapskulde beperk is, onderhewig daaraan dat die beperkte vennoot nie deelneem aan die bestuur van die vennootskap of beheer daarvoor het nie.¹⁵² Die gewone vennoot bestuur en beheer die vennootskap.¹⁵³ Die gewone vennote beskik oor die bevoegdheid om te dagvaar of gedagvaar te word, maar die beperkte vennote is nie by sodanige aksies betrokke nie.¹⁵⁴

Die beperkte vennootskap bied 'n tweeledige voordeel aan die persoon wat as beperkte vennoot in die vennootskap belê, naamlik eerstens deelname in wins met beskerming teen persoonlike aanspreeklikheid¹⁵⁵ en tweedens die voordeel dat uitgawes of verliese van ander inkomste afgetrek

147 *Revised Uniform Limited Partnership Act* a 1105; Ribstein 1993:78; Ribstein 1995:187.

148 Die beperkte vennootskap word volledig saam met die gewone vennootskap in hierdie studie ontleed.

149 Bates 1886:2; Coppedge en McCormick 1995:9.

150 *Uniform Limited Partnership Act* a 1; *Freedman v Tax Review Board* 243 A 2d 130 (Pa Super Ct 1968):133; *Delaney v Fidelity Lease Limited* 517 SW 2d 420 (Tex Civ App 1974); Bennight en Martin 1990:6; Eisenberg 1987:99; Henderson 1960:552; Reuschlein en Gregory 1990:444; Williamson 1990:20.

151 *Freedman v Tax Review Board* 243 A 2d 130 (Pa Super Ct 1968):133; *Frigidaire Sales Corp v Union Properties Inc* 544 P 2d 781 (Wash 1975):782; Anzivino 1980:504; Bromberg 1968:143; Coppedge en McCormick 1995:9.

152 *Holzman v De Escamilla* 195 P 2d 833 (Cal Dist Ct App 1948):834; *Grainger v Antoyan* 313 P 2d 848 (Cal 1957):853; *Plasteel Products Corporation v Helman* 271 F 2d 354 (1st Cir 1959):356; *Freedman v Tax Review Board* 243 A 2d 130 (Pa Super Ct 1968):133; Andrews 1981:1029; Bennight en Martin 1990:6; Bromberg 1968:147; Burr 1982:22-29; Buxbaum en Etlin 1986:535; Henderson 1960:552; Ratigan 1983:950; Williamson 1990:20; Wolf 1989:125 en 127; Coppedge en McCormick 1995:9.

153 Bennight en Martin 1990:6; Bromberg 1968:143; Coppedge en McCormick 1995:9.

154 *Carlsberg Resources Corp v Cambria Savings & Loans Association* 554 F2d 1254 (3d Cir 1977):1260; Neuens 1989:1067.

155 *Klein v Weiss* 395 A 2d 126 (1978); Anoniem/Notes 1977:763; Augustine *et al* 1976:2087; Bromberg 1968:150; Fessler 1986:212; Flannigan 1983:303; Geschke 1994:87; Huntington 1980:59; O'Neal 1978:669; Rossen en Sogg 1970:429; Simon en Lee 1980:924; Wong 1980:618.

kan word.¹⁵⁶ Die beperkte vennoot se aanspreeklikheid is beperk tot sy bydrae tot die vennootskap.¹⁵⁷ Die beperkte vennootskap bied ook sekere spesiale belastingvoordele.¹⁵⁸

3.4 Vennootskap met beperkte aanspreeklikheid

Die vennootskap met beperkte aanspreeklikheid, die sogenaamde “limited liability partnership” (hierna “LLP” genoem) is nie slegs ’n Amerikaanse ontwikkeling nie,¹⁵⁹ maar vir doeleindes van hierdie artikel is dit slegs nodig om te verwys na die ontwikkeling van die LLP in die Amerikaanse reg.¹⁶⁰

Die eerste LLP-wetgewing is in 1991 in Texas ingevoer met voorlegging van die *Texas House Bill 278*.¹⁶¹ Dit het ontwikkel in reaksie op die pogings van die versekeringsbedryf om prokureurs en ouditeurs aanspreeklik te hou vir spaar- en leningsverenigings wat faal. Die gedagte dat elke vennoot in ’n prokureurs- of ouditeursfirma blootgestel is aan miljoene dollars in aanspreeklikheid, het die behoefte aan ’n beperking op die middelike aanspreeklikheid van vennote laat ontstaan. Die LLP is vir hierdie doel ontwikkel.¹⁶² Op die stadium van die aanvanklike aanvaarding van die eerste hersiene vennootskapswet, die *Uniform Partnership Act 1992*, het slegs twee state reeds LLP-wetgewing aanvaar. Die gewildheid van hierdie tipe vennootskap het egter toegeneem en in 1996 het meer as veertig state reeds LLP-maatreëls in hul vennootskapswetgewing aanvaar. Die algemene beginsels wat deur die state aanvaar is, is dat in ’n LLP die gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid van sommige of al die vennote sal beperk of uitsluit vir sommige of al die verpligtinge en aanspreeklikhede van die vennootskap.¹⁶³ Vir doeleindes anders as gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid, maak die wetgewing meestal daarvoor voorsiening dat die LLP ’n gewone vennootskap ingevolge die *Uniform Partnership Act 1914* of *Uniform Partnership Act 1993* of *1995* (op daardie stadium) is.¹⁶⁴

Die NCCUSL het in 1995 ’n komitee aangestel om bepalings op te stel om by die *Uniform Partnership Act 1995* te voeg waardeur voorsiening gemaak word vir ’n nuwe vorm van die gewone vennootskap, naamlik die LLP. Die aanvaarding van die bepalings oor LLP in die *Uniform Partnership*

156 Anoniem/Notes 1977:763; Bromberg 1968:150; Geschke 1994:87; Rossen en Sogg 1970:429; sien egter ook Banoff en Lipton 1996:380-382.

157 Burr 1982:22; Bromberg 1968:143.

158 Andrews 1981:1029; Anoniem/Notes 1965:1466; Anoniem/Notes 1977:763; Banoff en Lipton 1996:380-381; Donnell 1980:399; Haight 1987:3; Henn 1984:516; Katz 1990:13; Ribstein 1988:837; Rossen en Sogg 1970:249; Wong 1980:618.

159 Sien byvoorbeeld Morris en Stevenson 1997: 538-551 ten aansien van die ontwikkeling van die LLP in Jersey; Freedman en Finch 1997:387-423 en Sheikh 1997: 270-277 ten aansien van die LLP in Engeland.

160

161 Hamilton 1998:29 en 37; Hillman *et al* 1996:301.

162 Hamilton 1995:1065.

163 Hamilton 1998:36-37; Hillman *et al* 1996:301.

164 Hillman *et al* 1996:301.

Act 1997 is gedurende die 1996 algemene vergadering van die NCCUSL aanvaar.¹⁶⁵

Die bepalings wat tot die *Uniform Partnership Act* 1997 gevoeg is rakende LLPs handel hoofsaaklik oor vier aspekte,¹⁶⁶ naamlik die omvang van die beperking op die vennoot se aanspreeklikheid;¹⁶⁷ die vereistes rakende stemming om 'n LLP op te rig;¹⁶⁸ die uitwerking van die oprigting van 'n LLP op die vennootskapsooreenkoms;¹⁶⁹ en die jaarlikse registrasie of liasseringsvereiste.¹⁷⁰

Artikel 101(5) van die *Uniform Partnership Act* 1997 omskryf 'n LLP as 'n vennootskap wat 'n verklaring van kwalifikasie geliasseer het en wat nie beskik oor 'n soortgelyke verklaring wat van krag is binne die jurisdiksie van 'n ander staat is nie.¹⁷¹

Die verwysing na vennootskap in die definisie van LLP is uitdruklik na die gewone vennootskap en dit is derhalwe duidelik dat die *Uniform Partnership Act* 1997 se omskrywing van vennootskap ook van toepassing op hierdie bepaalde tipe vennootskap is. Die LLP word dus nie steeds 'n gewone vennootskap deur die *Uniform Partnership Act* 1914 nie, maar in geheel deur die *Uniform Partnership Act* 1997.¹⁷²

Die LLP word dus ingesluit by die algemene omskrywing van 'n gewone vennootskap¹⁷³ as 'n vereniging van twee of meer persone wat as mede-eienaars 'n besigheid bedryf met die oog op die maak van wins¹⁷⁴ welke vennootskape opgerig is in terme van artikel 202,¹⁷⁵ voorafgaande wetgewing of soortgelyke wetgewing van ander jurisdiksies. Die LLP is dus steeds 'n gewone vennootskap ten spyte van die beperkte aanspreeklikheid.¹⁷⁶ Die uniekheid is geleë dat die vennote persoonlike aanspreeklikheid kan vermy ten aansien van eise wat nie deur die vennootskapsboedel gedek kan word nie.¹⁷⁷

165 Hillman *et al* 1996:301.

166 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:9.

167 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:9.

168 *Uniform Partnership Act* 1997 a 306(c) en 401(c).

169 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(b).

170 *Uniform Partnership Act* 1997 a 103(b), 306(c); 401, 405, 807(f).

171 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1003(b) en (e).

172 *Uniform Partnership Act* 1997 a101(5): "“Limited liability partnership” means a partnership that has filed a statement of qualification under Section 1001 and does not have a similar statement in effect in any other jurisdiction.”

173 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:14.

174 *Uniform Partnership Act* 1997 a101(6): "“Partnership” means an association of two or more persons to carry on as co-owners a business for profit formed under Section 202, predecessor law, or comparable law of another jurisdiction.”

175 Hamilton 1998:28.

176 *Uniform Partnership Act* 1997 a202(a): "Except as otherwise provided in subsection (b), the association of two or more persons to carry on as co-owners a business for profit forms a partnership, whether or not the persons intend to form a partnership.”

177 Hamilton 1998:28; Hillman *et al* 1996:301.

Artikel 202(b) van die *Uniform Partnership Act* 1997 bepaal dat enige vereniging wat opgerig is in terme van enige ander wetgewing as die *Uniform Partnership Act*, enige voorafgaande wetgewing of soortgelyke wetgewing van ander jurisdiksies, nie 'n vennootskap ingevolge die *Uniform Partnership Act* 1997 is nie. Hierdie bepaling sluit dus 'n beperkte vennootskap opgerig in terme van die *Uniform Limited Partnership Act* of *Revised Uniform Limited Partnership Act* uit en 'n beperkte vennootskap is dus nie 'n gewone vennootskap nie. Die oogmerk van hierdie bepaling was egter nie om die toepassing van enige gewone vennootskapsregtelike reëls van die *Uniform Partnership Act* 1997 op die beperkte vennootskap totaal uit te sluit waar die beperkte vennootskapsreg hierdie reëls aanvaar nie.¹⁷⁸ Die uitwerking van hierdie definisies is dat die omvang en die toepassing van die *Uniform Partnership Act* 1997 op die beperkte vennootskap aan die beperkte vennootskapsreg gelaat word, maar dat die verbintenis tussen die onderskeie twee wette nie in geheel verbreek word nie.¹⁷⁹ Sekere bepalinge van die *Uniform Partnership Act* 1997 sal derhalwe steeds van toepassing wees op die beperkte vennootskappe in terme van die bepalinge van die *Revised Limited Partnership Act*.¹⁸⁰ Die reëlings ten aansien van die LLP sal dus aanwending vind op beperkte vennootskappe vir daardie aangeleenthede waarvoor die *Revised Limited Partnership Act* nie voorsiening maak nie. Aangesien die *Revised Limited Partnership Act* nie voorsiening maak vir 'n beperkte vennootskap wat 'n LLP word nie, sal die reëls ten aansien van LLP toepassing vind op daardie beperkte vennootskappe wat 'n verklaring van kwalifikasie liasseer.¹⁸¹

Artikel 1001(b) van die *Uniform Partnership Act* 1997 bepaal dat 'n vennootskap omskep word in LLP deur eerstens die aanvaarding van die bepalinge en voorwaardes om die vennootskap tot 'n LLP te omskep deur die stemming nodig om die vennootskapsooreenkoms te wysig soos nodig.¹⁸² Tweedens moet 'n verklaring van kwalifikasie gelyasseer word en derdens moet aan die naamvereistes in terme van artikel 1002 van die *Uniform Partnership Act* 1997 voldoen word, naamlik dat die naam van die LLP moet eindig met die woorde "Registered Limited Liability Partnership", "Limited Liability Partnership", "R.L.L.P.", "L.L.P.", "RLLP" of "LLP".¹⁸³ Die LLP bly dieselfde entiteit wat bestaan het voor die liassing van die verklaring van kwalifikasie.¹⁸⁴

Die verklaring van kwalifikasie wat gelyasseer moet word, moet die volgende inligting bevat:¹⁸⁵ die naam van die vennootskap;¹⁸⁶ die straatadres van die

178 Hamilton 1998:28.

179 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:14.

180 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:14.

181 *Revised Uniform Limited Partnership Act* a 1105: "...in any case not provided for in this [Act] the provisions of the Uniform Partnership Act govern."

182 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:14.

183 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(b).

184 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c).

185 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002.

186 *Uniform Partnership Act* 1997 a 107(b).

vennootskap se hoofkantoor en indien dit verskil, ook die straatadres van die vennootskap se verteenwoordiger in die staat waar die vennootskap geregistreer word;¹⁸⁷ indien die vennootskap nie 'n kantoor in die staat van registrasie het nie, moet die naam en straatadres van die verteenwoordiger vir doeleindes van betekening verskaf word;¹⁸⁸ 'n verklaring dat die vennootskap gestem om 'n LLP te word;¹⁸⁹ en die uitgestelde datum van totstandkoming, indien enige.¹⁹⁰ Die verteenwoordiger van die LLP vir betekeningdoeleindes moet 'n inwoner van die staat waar die vennootskap geregistreer wees of moet 'n persoon wat gemagtig is om sake in die betrokke staat te mag doen, wees.¹⁹¹

Die LLP kom totstand op die datum van liasering van die verklaring van kwalifikasie of die datum wat in die verklaring vermeld word¹⁹² en bly sodanige LLP ongeag enige verandering in die vennootskap, totdat dit gekanselleer word ingevolge a 105(d) of herroep word ingevolge a 1003 van die *Uniform Partnership Act* 1997.¹⁹³ Die status van die vennootskap as 'n LLP en die aanspreeklikheid van die vennote word nie geraak deur foute of latere wysigings van die inligting wat in die verklaring van kwalifikasie ingevolge artikel 1001(c)(1)-(5) van die *Uniform Partnership Act* 1997 vereis word nie.¹⁹⁴ Die liasering van die verklaring van kwalifikasie dien as bewys dat die vennootskap aan al die vereistes wat gestel is vir 'n LLP voldoen het.¹⁹⁵ Enige wysiging of kansellering van die verklaring van kwalifikasie tree in werking wanneer dit geliaser word of op die uitgestelde datum soos bepaalde in die wysiging of kansellering.¹⁹⁶

'n LLP moet jaarliks 'n verslag¹⁹⁷ by die bepaalde amptenaar indien wat die volgende inligting bevat:¹⁹⁸ die naam van die LLP en die staat waar die vennootskap opgerig is;¹⁹⁹ die straatadres van die vennootskap se hoofkantoor en indien dit verskil, ook die straatadres van die vennootskap se verteenwoordiger in die staat waar die vennootskap geregistreer word;²⁰⁰ en indien die vennootskap nie 'n kantoor in die staat van registrasie het nie, moet die naam en straatadres van die verteenwoordiger vir doeleindes van betekening verskaf word.²⁰¹ Indien die verslag nie tydig ingedien word nie of

187 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c): "After the approval required by subsection (b), a partnership may become a limited liability partnership by filing a statement of qualification. The statement must contain:"

188 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c)(1).

189 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c)(2).

190 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c)(3).

191 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c)(4).

192 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(c)(5).

193 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(d).

194 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(e).

195 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(e).

196 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(f).

197 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(g).

198 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1001(h).

199 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(b).

200 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(a).

201 *Uniform Partnership Act* 1997 a 1002(a)(1).

indien die vereiste liasseringsfooi nie betaal is nie, mag die amptenaar die verklaring van kwalifikasie herroep nadat die vennootskap ten minste sestig dae geskrewe kennis van die beoogde herroeping ontvang het.²⁰² Die kennisgewing moet aan die adres wat in die laaste geliasseerde verklaring voorkom, gestuur word.²⁰³ Die kennisgewing moet dit duidelik stel dat die jaarlikse verslag nie geliasseer is nie, die fooi wat nie betaal is nie en die datum van inwerkingtreding van die herroeping.²⁰⁴ Die herroeping sal nie van krag wees indien die verslag geliasseer of die uitstaande fooie betaal is voor die datum van inwerkingtreding van die herroeping nie.²⁰⁵ Die herroeping raak slegs die status van die vennootskap as 'n LLP en het nie die ontbinding van die vennootskap tot gevolg nie.²⁰⁶ Indien 'n vennootskap se verklaring van kwalifikasie herroep is, kan binne twee jaar na die inwerkingtreding van die herroeping, aansoek gedoen word vir die herinstelling van die verklaring van kwalifikasie.²⁰⁷ Die aansoek moet die naam van die vennootskap en die datum van herroeping van die verklaring bevat asook die dat die rede vir die herroeping nie bestaan nie of reggestel is.²⁰⁸ 'n Herinstelling tree in werking op die datum van herroeping het derhalwe tot gevolg dat die vennootskap as 'n LLP beskou word asof die verklaring nooit herroep is nie.²⁰⁹ Dit hou in dat die vennote se beperkte aanspreeklikheid geensins deur die herroeping van die verklaring van kwalifikasie geraak word nie.²¹⁰

'n LLP mag nie die reg van 'n ander staat aanwys om die interne verhouding en die aanspreeklikheid van die vennote te beheers as die van die staat waar die vennootskap se verklaring geregistreer is nie.²¹¹ Die vennote kan dus nie in die vennootskapsooreenkoms die jurisdiksie ten aansien van interne verhoudinge en aanspreeklikheid teenoor derdes verander nie en kan dit ook nie verander deur 'n verklaring in 'n ander staat te registreer nie.²¹²

Die *Uniform Partnership Act 1997* verander die klassieke gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid van gewone vennote drasties na vennootskapsaanspreeklikheid in die geval van LLPs.²¹³ Die aanspreeklikheid

202 *Uniform Partnership Act 1997* a 1002(a)(2).

203 *Uniform Partnership Act 1997* a 1002(a)(3).

204 *Uniform Partnership Act 1997* a 1002(c).

205 *Uniform Partnership Act 1997* a 1002(c).

206 *Uniform Partnership Act 1997* a 1002(c).

207 *Uniform Partnership Act 1997* a 1002(c).

208 *Uniform Partnership Act 1997* a 1002(d).

209 *Uniform Partnership Act 1997* a 1002(e).

210 *Uniform Partnership Act 1997* a 1002(e)(1) en (2).

211 *Uniform Partnership Act 1997* a 1002(f).

212 *Uniform Partnership Act 1997* Comment:119.

213 *Uniform Partnership Act 1997* 103(b)(9) en 106(a) en (b): "103(b) The partnership agreement may not: (9) vary the law applicable to a limited liability partnership under Section 106(b);" "106(a) Except as otherwise provided in subsection (b), the law of the jurisdiction in which a partnership has its chief executive office governs relations among the partners and between the partners and the partnership. (b) The law of this State governs relations among the partners and

vir 'n verpligting opgedoen deur die LLP is die aanspreeklikheid van die vennootskap self²¹⁴ en nie die van die vennote nie, ongeag of die verpligting voortspruit uit kontrak, delik of andersins. 'n Vennoot, soos aandeelhouers en lede van aanspreeklikheidsbeperkte maatskappye (limited liability companies), is nie persoonlik aanspreeklik, direk of indirek, by wyse van bydrae of andersins, vir sodanige verpligting bloot op grond van lidmaatskap nie.²¹⁵ Enige toekomstige persoonlike aanspreeklikheid wat uit die vennootskapsooreenkoms spruit wat gegeld het voor die registrasie, word deur die registrasie in terme van artikel 306(c) negeer. Dit raak egter nie enige verpligtinge ten aansien van spesifieke kapitale bydraes wat die vennoot opgedoen het voordat die verklaring geregistreer is en die vennootskap derhalwe nog 'n gewone vennootskap was, bly van krag en die vennoot sal steeds aanspreeklik vir sodanige bydrae wees ongeag die feit dat die vennootskap na registrasie 'n aanspreeklikheidsbeperkte vennootskap is.²¹⁶ Waar daar egter 'n verpligting vir die vennote ontstaan by ontbinding en likwidasië van die vennootskap om 'n bydrae te lewer, sal 'n vennoot in 'n LLP na registrasie van die verklaring nie vir sodanige bykomende bydrae aanspreeklik wees nie.²¹⁷ Hoewel die vennoot dus geen persoonlike aanspreeklikheid vir die vennootskapsverpligtinge kan opdoen nie, kan vennoot se belang in die vennootskap wel ter sprake kom, maar geen verdere aanspreeklikheid nie. Die vennote deel steeds in die verliese deur die vennootskap gelyk deurdat die vennootskapsbates onbeperk aangewend word vir die betaling van die verpligtinge van die vennootskap.²¹⁸

Die vennoot sal egter steeds, soos aandeelhouers en lede van aanspreeklikheidsbeperkte maatskappye, persoonlik aanspreeklik wees vir eie persoonlike wangedrag.²¹⁹ 'n Onderskeid word getref tussen skade en die kousale gedrag. Die rede hiervoor is voor-die-hand-liggend. Dit sal voorkom dat die vennote in 'n vennootskap wat op 'n onregmatige wyse optree, deur die liassering van 'n verklaring voorkom dat die vennote persoonlik en middelike aanspreeklikheid opdoen vir toekomstige skade deur die onregmatige handeling voor registrasie.²²⁰

between the partners and the partnership and the liability of partners for an obligation of a limited partnership.”

214 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:27.

215 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:45.

216 Hamilton 1998:28.

217 *Uniform Partnership Act* 1997 a 306(c): “An obligation of a partnership incurred while the partnership is a limited liability partnership, whether arising in contract, tort, or otherwise, is solely the obligation of the partnership. A partner is not personally liable, directly or indirectly, by way of contribution or otherwise, for such an obligation solely by reason of being or so acting as a partner. This subsection applies notwithstanding anything inconsistent in the partnership agreement that existed immediately before the vote required to become a limited liability partnership under Section 1001(b).”

218 *Uniform Partnership Act* 1997 a 306(c) en Comment:45.

219 *Uniform Partnership Act* 1997 a 401, 807(b) en Comment:53.

220 *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:53; Hamilton 1998:28.

Dit wil tog lyk asof die beperking op die persoonlike aanspreeklikheid van sommige vennote in 'n gewone vennootskap 'n drastiese verandering te weeg bring en kan selfs gereken word dat 'n nuwe ondernemingsvorm hierdeur geskep is.²²¹ Die voortdurende ontwikkeling in die Amerikaanse ondernemingsreg bied 'n onuitputbare bron vir die Suid-Afrikaanse regshervormer. Die Suid-Afrikaanse beslote korporasie voldoen in 'n groot mate aan die behoefte vir beperkte aanspreeklikheid, maar die LLP kan beperkte aanspreeklikheid vir byvoorbeeld professionele persone in vennootskap bied. Dit is 'n vennootskap wat eenvoudig en goedkoop is om op te rig, maar die voordeel van beperkte aanspreeklikheid inhou. Die invoering van die LLP in die *Uniform Partnership Act* 1997 verdien ongetwyfeld die toegewyde aandag van regshervormers wat 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse vennootskapsreg wil lewer.

4. Gevolgtrekking

Verskeie soorte gewone vennootskappe kan in die Amerikaanse reg onderskei word, maar dit is bloot gewone vennootskappe vir verskillende, maar bepaalde doeleindes. Al hierdie vennootskap bly steeds gewone vennootskappe onderworpe aan die *Uniform Partnership Act* 1914 of *Uniform Partnership Act* 1997 en al die gemeenregtelike reëls van toepassing op die gewone vennootskap. Die enkele gewone vennootskap wat uitstaan is egter die mynbou-vennootskap en in 'n mindere mate die landbou-vennootskap omdat dit aansienlik van die ander vennootskappe verskil. Dit is egter steeds 'n gewone vennootskap, maar met eie reëlings en unieke kenmerke. Hierdie unieke ontwikkelinge is die gevolg van 'n soepel benadering wat tot gevolg het dat ondernemingsvorme aanpas by die behoefte van diegene wat dit gebruik.

Ten aansien van die skepping van die LLP in die *Uniform Partnership Act* 1997, wil dit voorkom asof die beperking op die persoonlike aanspreeklikheid van sommige vennote in 'n gewone vennootskap 'n drastiese verandering te weeg bring en kan selfs gereken word dat 'n nuwe ondernemingsvorm hierdeur geskep is.²²² In Suid-Afrika is reeds 'n behoefte aan 'n ondernemingsvorm wat beperkte aanspreeklikheid bied vir diegene professionele beroepe ten einde onder meer middelike aanspreeklikheid te beperk en kan derhalwe met vrug na hierdie ontwikkeling in die Amerikaanse reg gekyk word.

Die buitengewone vennootskappe sluit in die stille of geheime vennootskap, rustende vennootskap en die beperkte vennootskap. Laasgenoemde is die belangrikste vorm van die buitengewone vennootskap. Die belang van die beperkte vennootskap word duidelik onderstreep deur die feit dat dit deur eie wetgewing gereël word, naamlik die *Uniform Limited Partnership Act* en die *Revised Uniform Limited Partnership Act*.

²²¹ *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:45.

²²² *Uniform Partnership Act* 1997 Comment:45.

Die voortdurende ontwikkeling in die Amerikaanse ondernemingsreg bied 'n onuitputbare bron vir die Suid-Afrikaanse regshervormer. Die Suid-Afrikaanse beslote korporasie voldoen in 'n groot mate aan die behoefte vir beperkte aanspreeklikheid, maar die LLP kan beperkte aanspreeklikheid vir byvoorbeeld professionele persone in vennootskap bied. Dit is 'n vennootskap wat eenvoudig en goedkoop is om op te rig, maar die voordeel van beperkte aanspreeklikheid inhou. Die invoering van die LLP in die *Uniform Partnership Act* 1997 verdien ongetwyfeld die toegewyde aandag van regshervormers wat 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse vennootskapsreg wil lewer.

223 Hamilton 1998:28.

224 Hamilton 1998:28.

Bibliografie

- ADAMS RM
1997. FLP jurisdiction. *Trusts & Estates* 136.
- AGAMI G
2003. A FLP tax-saving strategy. *The Tax Adviser* 34:69.
- ANDERSON RA, FOX I EN TWOMEY DP
1989. Business Law Principals Cases Legal environment. 10de uitg. Cincinnati: South-Western Publishing Co.
- ANDREWS JC
1981. Basics of real estate syndications. *St Mary's Law Journal* 12.
- ANONIEM/NOTES
1965. Standing of limited partners to sue derivatily. *Columbia Law Review* 65.
1977. Procedures and remedies in limited partners' suits for breach of the general partner's fiduciary duty. *Harvard Law Review* 90 4.
- ANZIVINO RC
1980. When does a limited partnership possess the corporate characteristic of limited liability? *Indiana Law Review* 13.
- AUGUSTINE D, FASS PM, LESTER MN EN ROBINSON JF
1976. The liability of limited partners having certain statutory voting rights affecting the basic structure of the partnership. *The Business Lawyer* 31.
- BADER MB EN HAUFF DJ
1996. Registration and operation of North Dakota and Minnesota limited liability partnerships. *North Dakota Law Review* 72.
- BANOFF I EN LIPTON RM (reds)
1996. Tax shelter limited partners not entitled to damages for back taxes. *Journal of Taxation* 85 Desember.
- BARTLETT JW EN SIENA JV
1983-1984. Research and development limited partnerships as a device to exploit university owned technology. *Journal of College and University Law* 10 4.
- BATES C
1886. *The law of limited partnership*. Boston: Little, Brown and Company. Herdruk 1996. Littleton: Fred B Rothman & Co.
- BEAUDRY RV
1983. Freezing the value of real estate partnership interest that have a negative capital account. *Southwestern University Law Review* 13.
- BELL HL
1980. Real estate and unconventional securities concepts under the Arkansas Securities Act. *University of Arkansas at Little Rock Law Journal* 3.
- BELL JA
1996. The ethical dimensions of representing a troubled real estate partnership (with form). *The Practical Real Estate Lawyer* 12.
- BENNIGHT KL EN MARTIN TS
1990. Limitation of liability of limited partners while affording control of partnership affairs to limited partners. *St. Mary's Law Journal* 22 1.
- BERNSTEIN NH
1996. The formation of the family limited partnership: fraudulent transfer liability and other family problems. *Commercial Law Journal* 101 1.
- BOCK CA
1975. Formalizing the farm partnership. *Nebraska Law Review* 54.
- BODENHEIMER BM
1972. The community without community property: the need for legislative attention to separate-property marriages under community property laws. *Californian Western Law Review* 8 3.

- BRAY CP
1997. Does Section 2703 apply to the valuation of family limited partnerships? *Taxes* 75.
- BRAY CP EN KEARNS DB
1998. The family limited partnership as an asset of the IRA. *Trusts and Estates* Augustus 137 9.
- BRIER KP EN DARBY JB
1995. Family limited partnerships: decanting family investment assets into new bottles. *The Tax Lawyer* 49.
- BRIMMER CA
1969. Mining partners. *Rocky Mountain Mineral Law Institute* 15.
- BROMBERG AR
1968. *Crane and Bromberg on partnership*. St Paul: West Publishing Co.
- BROWN MW EN EASTLAND SS
1995. The use of partnerships in planning for life insurance. *Trusts & Estates* April.
- BRUTON PW
1949. Family partnerships and the income tax—the Culbertson Chapter. *University of Pennsylvania Law Review* 98 2.
- BRYANS HS EN SHIELDS RE
1995. Registered limited liability partnerships for the practice of law in Pennsylvania. *Pennsylvania Bar Association Quarterly* 66 April.
- BULLARD RH, DENMAN D EN ALFORD RM
1990. Are master limited partnerships in the oil and gas industry dead? A case study of Valero Natural Gas Partners LP. *Oil and Gas Tax Quarterly* 38.
- BUNDSCHU WB
1983. The farm wife and Missouri income tax — partner or peon. *Journal of Missouri Bar* December.
- BURR SI
1982. The potential liability of limited partners as general partners. *Massachusetts Law Review* 67.
- BURDZIK A
1984. Uit die vonnisverslae — Privaatreg. *Codicillus* 25 2 Oktober.
- CAMPBELL D
1954. Partnership obligations and their enforcement. *Chicago-Kent Law Review* 32.
- CARUTHERS DS
1977. Real estate tax shelders: special and retroactive allocations under the Tax Reform Act of 1976. *The Journal of Real Estate Taxation* 4.
- CHARYK WR
1983. An overview of the proposed section 704 Partnership Allocation Regulations — Implications for real estate partnerships. *The Journal of Real Estate Taxation* 11.
- COHEN DM
1996. What you need to know about family partnerships. *The Practical Real Estate Lawyer* 12.
1998. Family partnerships: Part 2. The empire strikes back. *The Practical Real Estate Lawyer* 14.
- COLOWICK LI
1955. The corporation as a partner. *Washington University Law Quarterly*.
- COMMITO TF
1999. FLPs and LLCs vs. trusts in life insurance planning. *Trusts and Estates* Maart 138 4.
- CONES JW
1992. Feature film limited partnerships: a practical guide focusing on securities and marketing for independent producers and their attorneys. *Loyola of Los Angeles Entertainment Law Journal* 12.
- COPPEDGE BR EN McCORMICK WF
1995. Creating limited liability for a general partnership LLP or LLLP? *Georgia Bar Journal* 4 1.
- CRAIN JL
1993. Update on the status of non-corporate entities in the oil and gas industry. *Oil and Tax Quarterly* 42.

- CRAIN JL EN SMITH LM
1990. Noncorporate entities in the oil and gas industry. *Oil and Tax Quarterly* 39.
- DARBY JD EN BRIER KP
1995. The impact of Code Sec. 2704 on family limited partnerships. *Trusts and Estates* September.
- DEPASQUALE DL
1987. Computer software developed in connection with a trade or business using an R & D limited partnership. *Boston University Journal of Tax Law* 5.
- DONNELL JD
1980. An analysis of the Revised Uniform Limited Partnership Act. *American Business Law Journal* 18.
- DICKINSON KH
1984. Partners in a corporate cloak: the emergence and legitimacy of the incorporated partnership. *The American University Law Journal* 33.
- EISENBERG MA
1982. The bargain principle and its limits. *Harvard Law Review* 95.
- ELLIOT WD
1998. Family limited partnerships. *Journal of Partnership Taxation* 15 3.
- EMORY M, FULLER JP, CORNELL BL EN BOBROW R (reds)
1997. Family limited partnership ignored for estate tax purposes. *Journal of Taxation* 86 Mei.
- ENGEL BS
1995. Protecting the estate through foreign trusts. *Trusts & Estates* 134 Julie.
- ENGEL BS EN RUDMAN RL
1993. Family limited partnerships: new meaning for "limited". *Trusts & Estates* 132 Julie.
- FARRELL LM
1996. Financial guidelines for investing in motion picture limited partnerships. *Loyola of Los Angeles Entertainment Law Journal* 12.
- FISHMAN RG
1996. Self-employment tax, family limited partnerships and the partnership anti-abuse regulations. *Taxes* 74.
- FLANNIGAN RD
1983. The control test of investor liability in limited partnerships. *Alberta Law Review* 21 2.
- FONG KW
1997. Family limited partnerships. *Journal of Property Management* 62 November/Desember.
- FOX CD EN PARK BY
1997. Evolution of the charging order remedy against FLPs. *Trusts & Estates* 136.
- GABLE S
1988. For better or for worse? *Taxation* 121 5 August.
- GASSMAN AS EN LOVELACE WK
1996. How to use and maintain family limited partnerships. *The Practical Tax Lawyer* 10.
- GESCHKE J
1994. Regulating rollups: general partners' fiduciary obligations in the light of the Limited Partnership Rollover Reform Act of 1993. *Stanford Law Review* 47.
- HAIGHT GT
1987. *The new limited partnership investment advisor*. Chicago: Probus Publishing Company.
- HAMILTON RW
1995. Registered limited liability partnerships: present at the birth (nearly). *University of Colorado Law Review* 66.
- HATCHER MB EN KNIESEL GE
1998. Preferred limited partnerships — now the FLPs of choice? *The Journal of Taxation* Desember 89 6.
- HENDERSON DR
1960. The corporate partner: an exercise in semantics. *New York University Law Review* 35.

- HENN HG
1985. *Teaching materials Agency, partnership and other unincorporated business enterprises*. 2de uitg. St Paul: West Publishing Company.
- HIGGINS MC
1995. The valuation of family limited partnerships. *Trusts and Estates* 134.
- HILLER KR
1991. Rolling down the curtain on "roll-ups": the case for federal legislation to protect limited partners. *Michigan Law Review* 90.
- HIRSH BD
1963. The medical partnership. *De Paul Law Review* 13.
- HOLLINGSWORTH DP
1999. Beware of FLP traps. *The Tax Advisor* April 30 4.
- HOLTZ JC
2003. FLP issues and opportunities. *The Tax Adviser* 34:223.
- HUTCHEON PD (ed)
1984. Limited partnerships — recent developments: securities, tax, and substantive partnership law issues (A Programme of the Committee on Partnerships and Unincorporated Business Organizations). *The Business Lawyer* 39 2.
- HURTINGTON TH
1980. Limited partnership: estate planning vehicle for the family farm. *Nebraska Law Review* 59.
- HUTTON AJW
1921. Partnership holding of real estate. *Dickinson Law Review* 25 5.
- KAM S, SCHROEDER H EN SMITH C
1996. The market pricing of syndicated LPs and the valuation of FLPs. *Trusts & Estates* 135.
- KATZ MS
1990. Valuation of publicly offered limited partnerships. *Washington State Bar News* June.
- KEENE D
1998. Making the Sec. 754 election decision for a family partnership after the TRA '97. *The Tax Advisor* 29.
- KEENAN D
1990. *Smith and Keenan's Company Law for Students*. 8ste uitg. Londen: Pitman.
- KIESLING B
1960. Mining partnerships. *Baylor Law Review* 12.
- KIM HM
1994. Limited partnerships as a film financing vehicles. *Loyola of Los Angeles Entertainment Law Journal* 15.
- KNOEPFLE TW
1994. Protecting family-owned oil and gas interests through creation of a family limited partnership. *Oil and Gas Tax Quarterly* 43.
- KORPICS JJ
2003. For when does Kimbell toll — does section 2036(a)(2) pose a new danger to FLPs? *The Journal of Taxation* 98:162.
- KRATOVIL R EN WERNER RJ
1975. Fixing up the old jalopy — The modern limited partnership under the ULPA. *St John's Law Review* 50 1.
- LANDIS WB
1966. The utility and effect of the partnership in family planning. 24th Annual New York University Institute.
- LARASON TM
1984. "Tax partnerships" offer greater benefits as entities for oil and gas operations. *The Journal of Taxation* January.
- LUDES FJ EN GILBERT HJ (reds)
1950. *Corpus Juris Secundum* Vol 68. St Paul: West Publishing Co.
- MARMER L
1985. Revising Ohio's limited partnership law. *Cincinnati Law Review* 54.

- MATHISON HL
1989. Mining partnerships and other business structures in the oil and gas industry. *Eastern Mineral Law Institute* 10.
- McKEE WS
1974. Partnership allocations in real estate ventures: Crane, Kresser and Orrisch. *Tax Law Review* 30.
- MELCHER PJ EN AREND LM
1998. How to quantify the tax benefits of investments family limited partnerships. *The Practical Tax Lawyer* 12 2.
- MELLEN FJ, MYRE TT EN LEE JW
1995. Limited liability companies and registered limited limited partnerships in Kentucky: a practical analysis. *Northern Kentucky Law Review* 22 2.
- MORRIS P EN STEVENSON J
1997. The Jersey limited liability partnerships: a new legal vehicle for professional practice. *The Modern Law Review* 60 Julie.
- NEEDLES GL EN HAYES ER
1957. The farm operation agreement — partnership or lease. *Drake Law Review*.
- NEELY S
1997. Partnerships and partners and limited liability companies and members in bankruptcy: proposals for reform. *American Bankruptcy Law Journal* 71.
- NEUENS CM
1989. Limited partners and diversity jurisdiction: *Stouffer Corp. v. Breckenridge*. *Creighton Law Review* 22.
- OLSHIN IR
2003. Sec 2036 and FLPs. *The Tax Adviser* 34:191.
- O'NEAL FH
1978. Comments on recent developments in limited partnership law. *Washington University Law Quarterly* 4.
- PANICH RL EN PURVIS SEC
1989. The impact of recent legislation on real estate investments held in limited partnership form. *The Journal of Real Estate Taxation* 16.
- PERKINS TR
1980. Family partnerships: One possible means of saving income and estate tax dollars. *Trusts & Estates* August.
- PETERSON B
1982. Family partnerships continue to offer tax advantages. *Taxes — The Tax Magazine* May.
- PLEIN TA
1964. Partnership: The concept of the "Continuing partnership". *Marquette Law Review* 48.
- PRATT D EN ZAKIN JE
2003. Estate Thompson: Respecting the formalities of the family limited partnership. *The Florida Bar Journal* 77:51.
- REIN GA EN HYSLOP WD
1980. Use of partnerships in farm estate planning. *Gonzaga Law Review* 15.
- REUSCHLEIN HG EN GREGORY WA
1990. *The law of agency and partnership*. St Paul: West Publishing Co.
- RIBSTEIN LE
1993. The Revised Uniform Partnership Act: Not ready for prime time. *The Business Lawyer* 49.
1995. Linking statutory forms. *Law and Contemporary Problem* 58 2.
- ROSENBERG S EN SCHLESINGER SJ
1997. The benefits of family limited partnerships in estate partnerships in estate planning and the impact of "anti-abuse" and "check-the-box" rules. *New York State Bar Journal* 69.
- ROSSEN HM EN SOGG WS
1970. *Smith's review Agency and partnership*. 2de hersiene uitg. St Paul: West Publishing Co.

- ROWLEY S
1928. The influence of control in the determination of partnership liability. *Michigan Law Review* 26.
- SANFORD BS
1994. Family farms — a conversion to a limited partnership may protect the farm from liquidation. *Thomas M Cooley Law Review* 11.
- SHEIKH S
1997. Limited liability partnerships: a new trading vehicle? *ICCLR* 8.
- SIMMONS FL
1982. The real estate partnership freeze in the light of the Economic Recovery Tax Act of 1981: A guide for the perplexed. *Taxes — The Tax Magazine* June.
- SIMON DJ EN LEE DA
1980. The substantial compliance doctrine: Preserving limited liability under the Uniform Limited Partnership Act. *University of California Davis Law Review* 13.
- SPOHR AP
1983. Raising capital for research and development through the R&D partnership. *The Tax Advisor* June.
- STEPHANSON G
1998. How to establish a successful family limited partnership. *The Practical Lawyer* September 44 6.
- STOCKTON DA
1981. Civil procedure — acquiring diversity jurisdiction over an unincorporated association. *North Carolina Law Review* 60.
- STORY J
1868. *Commentaries on the law of partnership*. 6de uitg deur Gray JC. Boston: Little, Brown and Company.
- STROBEL GL
1999. Refuting IRS challenges to the use of FLPs. *The Tax Advisor* Januarie 30 1.
- TAUBMAN J
1959. Theatrical limited partnerships. *The Tax Magazine* November.
- TEMPLAR PA EN CAIN DM
1995. FLPs for family asset management and transfer tax planning. *The Colorado Lawyer* 24.
- TEMPLE G
1985. Freedom of contract and intimate relations. *Harvard Journal of Law and Public Policy* 8.
- THORNTON DJ EN DARBY GA
1996. Valuation of the family limited partnership interests. *Idaho Law Review* 32.
- TOMLIN WD
1973. Everything you always wanted to know about the association problem in connection with oil and gas limited partnerships (but were afraid to ask). *Institute on Oil and Gas Law* 24.
- TORNGA DL EN NINE PL
1981. Proposed revisions: Michigan Uniform Limited Partnership Act. *Michigan Bar Journal* December.
- TUCKER SF EN MANCINI MA
1996. Family limited partnerships and asset protection. *The Journal of Real Estate Taxation* 23.
- TURNER JB
1983. Thoroughbred horse racing and breeding as a tax sheltered investment: Recent tax law developments. *Golden Gate University Law Review* 13.
- VESTAL AW
1995. The disclosure obligations of partner inter se under the Revised Uniform Partnership Act of 1994: is the contractarian revolution failing? *William and Mary Law Review* 36 5.
- 1995b. A Comprehensive Uniform Partnership Act? The time has come. *University of California, Davis* 28.
- WEINBERG MS EN CUMMINS JR
1982. The equine frozen partnership: How to win the estate stakes. *Kentucky Bench and Bar* October.

- WEITZMAN LJ
1974. Legal regulation of marriage: tradition and change. *California Law Review* 62.
- WHITTY MD
2003. Prototype "user's manual" for family partnerships. *The Practical Tax Lawyer* 17:7.
- WIBBENMEYER PJ
1991. Limited partnership reform: Missouri adopts the Revised Uniform Limited Partnership Act 1985 Amendments. *UMKC Law Review* 59 4.
- WILLIAMSON JH
1990. *Handbook on the law of small business enterprises*. 3de uitg. Lakewood: Argyle Publishing Company.
- WILLMS AJ
1994. Family limited partnerships and limited liability companies: new estate planning tools for the 90s. *Wisconsin Lawyer* 67.
1996. Discounting transfer taxes with LLCs and family limited partnerships. *Journal of Taxation Investments* 13.
- WOLF SM
1989. *The accountant's guide to corporation, partnership, and agency law*. New York: Quorum Books.
- WONG SSM
1980. Limited partnership and the California Securities Law: Restricting the public sale of limited partnership interest. *University of California Davis Law Review* 13.
- WYATT JW EN WYATT MB
1966. *Business law Principles and cases*. 3de uitg. New York: McGraw-Hill Book Company.
- ZOLLERS FE EN FOREMAN GH
1978. *Practical Business Law*. New York: Van Nostrand Reinhold Company.